# 'N EKOSISTEMIESE HERBESKOUING

# VAN PLEEGSORGDIENSTE

deur

AMANDA MAGRIETHA DIEDERIKS

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE
(GEESTESGESONDHEID)

in die

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: ME H.D. GROBLER

JANUARIE 2000

*****

# AN ECOSYSTEMIC REVISION

# OF FOSTERCARE SERVICES

by

AMANDA MAGRIETHA DIEDERIKS

submitted in part fulfilment of the
requirements for the degree of

MASTER OF ARTS IN SOCIAL SCIENCE
(MENTAL HEALTH)

in the

DEPARTMENT OF SOCIAL WORK

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: MS. H.D. GROBLER

JANUARY 2000

*****

## BEDANKINGS

In die onderneming en voltooiing van die studie het verskeie mense 'n rol gespeel. Ek is dankbaar vir familie, vriende en kennisse saam met wie ek 'n konteks kon skep vir groei en ontwikkeling. Die volgende sal ek graag wil uitsonder:

* My Skepper wat my as outonome sisteem geskep het.

* Pretoria Kinder- en Gesinssorg Vereniging, veral my kollegas en die kinders wat in alternatiewe sorg verkeer en die konteks wat geskep is waarin ek die ontwikkelingspad kon loop en vir die dele van die pad wat ons saam geloop het.

* My studieleier Hanka Grobler wat verskeie paaie saam met my geeksploreer het om die ontwikkelingspad oop te trap.

* Mariëtte Postma wat met die taalversorging die konstruksies leesbaar en vloeiend kon afrond sonder bedreiging van my outonomie

* Die meeste van almal my man, dogters en skoonseun vir die besondere rol wat hulle gespeel het in die ontwikkeling en behoud van my strewe na outonomie.

UNISA
BIBLIOTEEK LIBRARY
2000-10-16
Class
Klas
Access
Aanwin
362.733 DIED
0001761169

**OPSOMMING**

In die studie word die ontwikkelingspad van 'n Newtoniaanse benadering na 'n ekosistemiese benadering in die denke van die navorser en lewering van pleegsorgdienste deur die maatskaplike werker/navorser, beskryf. In die beskrywing is gefokus op drie beginsels elk van die Newtoniaanse - en die ekosistemiese benaderings. Die gekose beginsels is met 'n gevallestudie geïllustreer.

Aan die hand van die beginsels van die ekosistemiese benadering word 'n konsepsuele raamwerk gebied waardeur die outonomie van mense en sisteme in stand gehou en gebruik kan word.

Volgens tweede orde kubernetika, is die studie die konstruksie van die navorser.

Pleegsorg is 'n komplekse alternatiewe versorgingsposisie vir 'n kind en die lewering van begeleidingsdienste stel besondere eise aan die professionele persone betrokke. Hierdie studie suggereer dat pleegsorgdienste wat aan die hand van die ekosistemiese benadering gelewer word, 'n konstruksie van gedeelde verantwoordelikheid tussen al die betrokke partye voorstel.

**SLEUTELTERME: Ekosistemies; Konstruktivisme; Outonomie; Struktuurdeterminisme; Strukturele koppeling; Kubernetika; Tweede orde kubernetika; Pleegsorg; Pleegsorgdienste.**

## ABSTRACT

The road to development from a Newtonian to an ecosystemic approach in the thinking of the reasearcher and his/her rendering of foster-care accompaniment are described by the social worker/researcher. The focus of the description was on three principles each of the Newtonian and ecosystemic approaches. The chosen principles were illustrated by a case study.

Principles of an ecosystemic approach are employed to offer a conceptual framework through which the autonomy of people and systems could be maintained and used.

According to second order cybernetics the study is the construction of the researcher. Foster-care is a complex alternative position of care for a child, and the rendering of accompaniment services make special demands on the professional people involved. This study suggests that foster-care services rendered according to an ecosystemic approach, represent a construction of shared responsibilities among all parties involved.

**KEY TERMS: Ecosystemic; Constructivism; Autonomy; Structure determinism; Structural coupling; Cybernetics; Second order cybernetics; Foster care; Foster care accompaniment.**

## 'N EKOSISTEMIESE HERBESKOUING VAN PLEEGSORGDIENSTE

Bladsy

## HOOFSTUK 1:
## NAVORSING EN PLEEGSORG IN DIE KONTEKS VAN VERANDERDE DENKSISTEME


1.1 INLEIDING 1

1.2 BEGRIPSOMSKRYWING 4

1.3 MOTIVERING EN OOGMERK MET DIE STUDIE 7

1.4 PRAKTIESE PROSEDURE 7

1.5 GEVALLESTUDIE 8

1.6 EKOSISTEMIESE NAVORSING AS DIE SKEPPING VAN 'N WERKLIKHEID 11


## HOOFSTUK 2:
## DIE ONTWIKKELING VAN DIE NEWTONIAANSE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIES VAN DIE DENKWYSE OP PLEEGSORGDIENSTE


2.1 INLEIDING 15

2.2 BESPREKING VAN DRIE BEGINSELS VAN DIE NEWTONIAANSE DENKWYSE EN DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS IN DIE LEWERING VAN PLEEGSORGDIENSTE DEUR DIE MAATSKAPLIKE WERKER/NAVORSER 15

2.2.1 Analitiese reduksionisme 16

2.2.2 Pleegsorgbegeleiding volgens die beginsel van analitiese reduksionisme 19

Bladsy

2.2.3 Liniêre oorsaaklikheid 20
2.2.4 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van liniêre oorsaaklikheid 22
2.2.5 Neutrale objektiwiteit van die waarnemer 24
2.2.6 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van neutrale objektiwiteit van die maatskaplike werker/navorser 26

HOOFSTUK 3:
BEGINSELS VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIE VAN DIE DENKWYSE OP PLEEGSORGDIENSTE.

3.1 INLEIDING: AGTERGROND VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE 29

3.2 BESPREKING VAN DRIE BEGINSELS VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS IN PLEEGSORGDIENSTE 30

3.2.1 Konstruktivisme 30
3.2.2 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van konstruktivisme 32
3.2.3 Struktuurdeterminisme 39
3.2.4 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van struktuurdeterminisme 43
3.2.5 Tweede orde kubernetika 53
3.2.6 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van tweede orde kubernetika 54

HOOFSTUK 4:
PLEEGSORGDIENSTE AS OUTONOMIE HANDHAWING 57

4.1 GEVOLGTREKKINGS 59

BRONNELYS 60

## HOOFSTUK 1:
## NAVORSING EN PLEEGSORG IN DIE KONTEKS VAN VERANDERDE DENKSISTEME

### 1.1 INLEIDING

Die navorser is werksaam as maatskaplike werker in die alternatiewe sorgafdeling van 'n gesinsorganisasie. Pleegsorgdienste aan die betrokke kinders en die pleegouers en rekonstruksiedienste aan die biologiese ouers is die primêre taak in dié pos.

Die maatskaplike werker/navorser het na aanleiding van 'n kursus oor die ontwikkeling van die ekosistemiese denkwyse, op 'n nuwe manier begin dink oor die dienste wat gelewer word deur die maatskaplike werker in die proses van pleegsorgdienste.

Die wese van die tradisionele denkraamwerk en die begeleiding van pleegsorg en pleegsorgdienste in die algemeen is in die tradisionele denkraamwerk uitgevoer en geëvalueer.

Volgens die benadering van Newton, wat fokus op analitiese reduksionisme, liniêre oorsaaklikheid en die neutrale objektiwiteit van die waarnemer, word gefokus op 'n gegewe realiteit of waarheid wat beheerbaar en voorspelbaar is. (In die geval van pleegsorg, sal die realiteit wees hoe goed die kind aanpas in die pleeggesin.) Oorsaak en gevolg word sogenaamd objektief deur die maatskaplike werker waargeneem en beskryf sonder dat die wederkerige beïnvloeding tussen die betrokkenes aandag kry. (Oorsaak sal wees dat daar 'n bepaalde kind is wat alternatiewe sorg benodig en dat 'n gesin bereid is om die kind te akkommodeer.) Die maatskaplike werker sal die kind daar plaas en begeleidingsdienste lewer. Hierdie beginsels van analitiese reduksionisme,

liniêre oorsaaklikheid en die neutrale objektiwiteit van die waarnemer, impliseer dat enige fenomeen korrek beskryf en ondersoek kan word deur dit in die kleinste moontlike dele te verdeel.

Op grond van die waargenome (in dié geval die betrokke kind/ers se aanpassing in pleegsorg en die pleeggesin se tevredenheid met die plasing, al dan nie) kan daar dan veralgemeen word na ander pleegsorgsituasies. Verskeie afleidings kan deur die maatskaplike werker gemaak word in terme van pleegplasings en die kennis wat so ingewin word, kan veralgemeen word na huidige of toekomstige pleegplasings.

Hierteenoor staan die ekosistemiese denkraamwerk waar die klem val op konstruktivisme, strukturele determinisme en tweede orde kubernetika.

'n Ekosistemiese benadering impliseer 'n denkwyse wat gepaardgaan met sekere idees. Die benadering het ondermeer ontwikkel vanuit die algemene sisteemteorie, waar daar gefokus is op sisteme, kenmerke en grense van sisteme. Verdere ontwikkeling in die sisteemteorie het die klem op interaksie tussen sisteme geplaas en staan bekend as eerste orde kubernetika. Die impliseer dat die observeerder (in dié geval die maatskaplike werker/navorser) buite die geobserveerde sisteem staan en objektief daarna kyk. Fourie (1991: 14) het aangedui dat dit in die geval van lewende sisteme onmoontlik vir die observeerder is om buite die geobserveerde te staan en objektief te wees.

Die waarnemer (maatskaplikewerker) se beskrywing (gewoonlik in verslae) van wat waargeneem word, word gekleur deur sy/haar eie idees en epistemologie en hy/sy word deel van die waargenome sisteem. Hierdie verbintenis tussen die observeerder en die geobserveerde sisteem maak objektiwiteit onmoontlik. Non-objektiwiteit is 'n sentrale tema van tweede orde kubernetika. Indien twee of meer waarnemers konsensus verkry

aangaande hulle waarneming, is 'n spesifieke realiteit gekonstrueer. (Hoffmann & Von Glasersfeld in Fourie 1991: 7.)

Die beginsel van struktuurdeterminisme is afkomstig van Maturana na aanleiding van navorsing en beskrywing van die senuweestelsel. (Maturana & Varela 1992: 22). Maturana glo dat elke lewende sisteem oor 'n eie outonome individualiteit beskik en daarom struktureel gedetermineerd is. Die organisasie van 'n lewende sisteem word in stand gehou deur 'n proses van konstante selfverwysing. Veranderinge wat die sisteem ondergaan, word deur die struktuur se eie organisasie bepaal en nie deur indrukke van buite die sisteem nie. Invloede van buite kan volgens dié siening nie 'n effek hê op die sisteem sonder dat die lewende sisteem self bepaal hoe om op die indrukke te reageer nie.

Hier kan die beginsels van liniêre oorsaaklikheid waar A tot 'n gevolg B lei, nie geld nie. Dell (1985: 7) het aangedui dat die struktuur van 'n sisteem in alle omstandighede die reaksie of gedrag van die sisteem sal bepaal.

Daar sal in die studie gekyk word na al die betrokkenes as outonome sisteme/strukture en die invloed van hulle konstruksies op die pleegplasing. Die sisteme sal insluit die pleegkind, die huidige en vorige pleegouers, biologiese ouers en maatskaplike werker. Die Kommissaris van Kindersorg word hier nie as betrokkene in die pleegsorgplasing gepunktueer nie.

Die navorsingsmetode wat gevolg gaan word, sal teoreties illustratief wees sodat die navorsing die vorm van 'n gevallestudie sal aanneem. Dit is aan die hand van die gevallestudie en deur die navorser se epistemologiese skuif wat die konsepte van die Newtoniaanse en ekosistemiese benaderings duidelik geword het. Daarom is besluit om drie konsepte van elke benadering uit te lig en te bespreek aan die hand van die gekose gevallestudie.

Vervolgens die belangrikste begrippe wat in die studie gebruik gaan word:

## 1.2 BEGRIPSOMSKRYWING

– **Alternatiewe sorg**

Alternatiewe sorg is die term wat gebruik word om te verwys na die versorging van kinders onder die ouderdom van agttien jaar, in versorgingsposisies buite die ouerhuis. Die versorging vind plaas ingevolge 'n wetsproses waar die biologiese ouers van die kind/ers onbevoegd verklaar word, in terme van Artikel 14 van die Wet op Kindersorg, (Wet 74 van 1983), om die verantwoordelikheid vir die kind/ers se versorging waar te neem.

Alternatiewe sorg behels 'n plek van veiligheid, pleegsorg, inrigtingsversorging en/of aanneming. Inrigtingsversorging is byvoorbeeld soos in 'n kinderhuis of nywerheidskool. 'n Plek van veiligheid en pleegsorg behels die versorging in 'n substituutgesin. Die substituutgesin kan 'n familielid wees of 'n persoon/gesin wat aan die kind onbekend is. Welsynsorganisasies lewer alternatiewe versorgingsdienste en vra uit die gemeenskap vir individue / gesinne wat bereid is om alternatiewe huise vir die kind wat sorgbehoewend bevind is, te bied.

Die Pretoria Kinder- en Gesinsorgvereniging gebruik 'n opleidings- en keuringsprogram vir alle voornemende persone wat bereid is om alternatiewe sorg vir 'n kind te bied.

– **Plek van veiligheid**

Individue, gesinne of 'n inrigting wat as hulpbron van 'n welsynsorganisasie dien om kinders ten opsigte van wie daar kinderhofverrigtinge geopen is, tydelik te versorg ingevolge Artikel 12(1) of 15(3) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) en 'n plek van veiligheid te bied.

Hierdie tydelike versorging, waarna verwys word as 'n plek van veiligheid, is nodig tydens kinderhofondersoeke en/of tydens die beplanning en voorsiening van 'n meer geskikte versorgingsposisie vir die betrokke kind/ers.

- **Pleegsorg**

  Pleegsorg bied aan kinders wat 'n behoefte aan 'n normale gesinslewe het en wat nie deur hulle biologiese ouers versorg kan word nie, 'n tydelike plaasvervangende gesinslewe.

  Die Child Welfare League of America 1963 (soos aangehaal deur Booyzen, 1982: 7) beklemtoon twee belangrike aspekte van pleegsorg, naamlik gedeelde verantwoordelikheid en die kundigheid van maatskaplike werkers. "The core notion of foster care is shared child rearing responsibility: agency responsibility shared originally with the natural parents and then with foster parents, child caring staff and social workers" en verder, "Foster care contains another important notion - the application of social work services and treatment methods that seek to provide a corrective relationship and an adaptation in behaviour, and this includes the best setting for the child and his family" (Booyzen 1982:7).

- **Pleegkind**

  Die kind wat wetsbestee is en volgens 'n hofbevel ingevolge artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) in die sorg van pleegouers verkeer, is bekend as 'n pleegkind.

- **Pleegouers**

  Verwante of nie-verwante individue of egpare wat hulleself bereid verklaar, opleiding ondergaan het en gekeur is om as substituutouers op 'n tydelike basis op te tree vir kinders wat statutêr deur 'n bevel van die Kommissaris van Kindersorg ingevolge artikel 15 1(b) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) in pleegsorg geplaas is, word pleegouers genoem.

- **Aanneming**

  - **Aangenome kind**

    Die kind wie se biologiese ouers wetlik toestemming tot aanneming verleen het ingevolge Artikel 18(4)(d) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983), of nadat die Kinderhof beslis het dat die biologiese ouers op onredelike wyse hul toestemming weerhou, of nie opgespoor kan word nie vir wie 'n aanneming ingevolge Artikel 19 van bogemelde wet toegestaan word aan die persone in wie se sorg die kind wetlik geplaas is, word 'n aangenome kind genoem.

- **Aanneemouers**

  Dit is die ouers van 'n kind ten opsigte van wie 'n aannemingsbevel uitgereik is ingevolge Artikel 18 (1) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) en wie se aanneming by die Registrateur van Aannemings geregistreer is.

– **Konstruktivisme**

Von Glasersfeld, in Watzlawick (1984:24), beskryf konstruktivisme as ".....a theory of knowledge in which knowledge does not reflect an 'objective' ontological reality, but exclusively an ordering and organization of a world constituted by our experience".

Daar bestaan dus nie 'n vaste, gegewe realiteit nie, slegs dit wat elke persoon self sien of skep as sy realiteit. Waarnemings en persepsies van gebeure word deur die individu self gekonstrueer en as sy werklikheid ervaar, volgens die konstruktivistiese siening.

– **Struktuurdeterminisme**

Die beginsel van struktuurdeterminisme is afkomstig van Maturana na aanleiding van navorsing en beskrywing van die senuweestelsel.
Elke lewende sisteem het 'n eie outonome individualiteit omdat sy struktuur ten volle bepaal hoe die sisteem reageer in bepaalde omstandighede.

Volgens Dell (1985: 7) kan die beginsel van liniêre oorsaaklikheid nie hier geld nie, naamlik dat A nie 'n bepaalde B tot gevolg kan hê nie. Die struktuur van 'n sisteem sal in alle omstandighede die reaksie of gedrag van die sisteem bepaal.

– **Kubernetika**

Keeney (1987: 6) definieer kubernetika as volg: "Cybernetics as simply defined, is a part of general science of pattern and organization. To adopt a cybernetic view is to enter a radically different world of description."

Hierdie vorm van beskrywing definieer die patrone, in en om sisteme en die samestelling van sisteme, as intrapsigiese kenmerke van individue.

– **Tweede orde kubernetika**

Tweede orde kubernetika behels veel meer as kubernetika. Dit impliseer dat die observeerder (of navorser of terapeut) deel is van die geobserveerde sisteem wat homself dus deel maak van die dinamika van die navorsing of terapie.

## 1.3 MOTIVERING EN OOGMERK MET DIE STUDIE

Die oogmerk met die studie is volgens die maatskaplike werker/navorser se konstruksie om aan te dui hoe 'n veranderde manier van dink by die maatskaplike werker/navorser die lewering van pleegsorgdienste en die navorsing daarvan beïnvloed. Die navorser se bydrae het 'n invloed op die waargenome, terwyl die waargenome ook die navorser beïnvloed en die navorser se weergawe van die navorsingsproses steeds slegs die navorser se gekonstrueerde weergawe van die gebeure is.

Met die epistemologiese skuif wat besig was om te ontwikkel in die navorser se denke nadat met die ekosistemiese benadering kennis gemaak is, is toenemend ongemak beleef oor die wyse waarop pleegsorgdienste gelewer word. Die maatskaplike werker/navorser het geleidelik en tentatief van die beginsels van die ekosistemiese benadering begin toepas. Hierdie toepassing van die beginsels van die ekosistemiese benadering het die motivering vir dié studie gevorm.

## 1.4 PRAKTIESE PROSEDURE

Pleegsorgdienste is vir 'n tydperk van vyftien maande deur die navorser gelewer aan die gesin wat ter wille van die illustrasie van die teoretiese ontwikkeling in die navorser se denke, aangehaal sal word. Alhoewel die kontak tussen die gesin en die navorser ná die vyftien maande tydperk voortgeduur het, is die pleegsorgplasing op dié stadium getermineer. Ter wille van die studie sal die punktuasie dus gemaak word op die begeleidingsdienste gelewer tydens dié vyftien maande.

Benewens die maandelikse kontak wat kantoor- en tuisbesoeke behels het, was daar dikwels, soms weekliks, telefoniese kontak tussen die navorser en die onderskeie lede van die pleeggesin, wat uit mnr. Jan en mev. Elsie van Zyl en Ansie*, bestaan het.

* Ter wille van die beskerming van die identiteit van die kliënte en die handhawing van vertroulikheid sal deurgaans van skuilname gebruik gemaak word in die bespreking van die gevallestudie.

Hierdie gedeelte van die hoofstuk vorm deel van die navorser se konstruksie van die gebeure in 'n pleeggesin wat vir die navorsing gebruik is. Alhoewel beskrywings gebaseer is op inligting soos verkry uit die verskillende onderhoude en bestudering van volledige verslae en prosesnotas verkry uit die gesin se lêer by die betrokke gesinsorganisasie, is die navorser se epistemologie die vertrekpunt van die studie. Wat beskryf word, is slegs die konstruksie van die navorser met 'n punktuasie van gebeure gekoppel aan die navorser se outonomie.

## 1.5 GEVALLESTUDIE

'n Kort omskrywing van die gekose gevallestudie vir die navorsing volg.

In die beskrywing van Ansie se lewensverhaal, is vir die doel van die navorsing besluit om die aanvang van haar verhaal te puntktueer vanaf die dag toe sy met 'n krisis ingryping uit die pleeghuis na 'n alternatiewe versorgingsplek verskuif moes word. Dit is slegs die navorser se konstruksie van die gebeure.

Ansie is vandag een van drie weeskinders in 'n kinderhuis van ongeveer ses-en-vyftig kinders. Dit was nie altyd die geval nie en Ansie was ook nie altyd in die kinderhuis nie. Ansie reken dat sy nie noodwendig nou slegter daaraan toe is as toe sy deel van verskillende gesinne was nie. Na die verwydering van Ansie uit haar moeder se sorg, was sy by drie verskillende gesinne in pleegsorg voordat sy in 'n kinderhuis opgeneem is.

Daar is besluit om 'n punktuasie te maak van Ansie se lewensverhaal die dag toe Ansie se biologiese vader gesterf het. Sy en haar ouer broer het by haar ma wat kort ná die dood van haar man weer hertrou het, agtergebly. Ansie is deur die stiefvader fisies aangerand, seksueel gemolesteer en later verkrag. Die beserings wat sy opgedoen het as gevolg van die fisiese aanranding was van so 'n aard dat sy gehospitaliseer moes word. Daar is 'n saak teen die stiefvader aanhandig gemaak en Ansie is in alternatiewe sorg geplaas en moes in die hof getuig.

Nadat die stiefvader skuldig bevind is op die aanklagte van fisiese aanranding, is hy gevangenisstraf opgelê. Die biologiese moeder het Ansie verkwalik en verantwoordelik gehou vir die verbrokkeling van die gesin. Ansie is deur haar moeder verwerp en alle kontak is met Ansie en die betrokke welsynsinstansie wat dienste lewer, verbreek.

Ansie het gedragsprobleme geopenbaar, aan enurese gely, nagmerries gekry en was geweldig veeleisend. Die egpaar by wie sy in alternatiewe sorg geplaas is na die Kinderhofondersoek geopen en afgehandel is, se huwelik het verbrokkel en die maatskaplike werker is versoek om Ansie te verwyder en by 'n alternatiewe gesin te plaas. Die plasing by die tweede gesin (hiernà genoem gesin B) het goed verloop, ten spyte van geen kontak met die biologiese gesin nie en gesondheidsprobleme wat Ansie ondervind het. Volgens mediese getuienis was die gesondheidsprobleme hoofsaaklik as gevolg van die fisiese mishandeling waaraan Ansie blootgestel was.

Die maatskaplike werker/navorser was intens betrokke by Ansie se plasing en die pleegsorgbegeleidingsdienste wat gelewer is. 'n Verhouding is tussen die maatskaplikewerker en Ansie opgebou. Die aard van die verhouding sou ook in die toekomstige plasing van Ansie by 'n derde gesin, 'n rol speel.

Ansie se verskuiwing uit gesin B waar sy in pleegsorg verkeer het, na die derde gesin (mnr. en mev. Van Zyl) het volgens die maatskaplike werker/navorser se konstruksie as volg verloop.

Ansie was ongeveer drie jaar by gesin B in pleegsorg, toe die maatskaplike werker verskeie klagtes uit die gemeenskap oor die spesifieke pleegplasing begin ontvang het. Die klagtes moes ondersoek word en het daartoe gelei dat 'n krisisverskuiwing van die kinders in pleegsorg by die spesifieke gesin B moes plaasvind. Omdat dit 'n krisisplasing was, kon nie Ansie of die egpaar Van Zyl in wie se sorg Ansie toe geplaas is voldoende op die plasing voorberei word nie. Mnr. en mev. Van Zyl was egter gekeurde pleegouers van die organisasie wat ook die oriëntering en opleiding vir 'n plek van veiligheid en pleegouers deurloop het.

Faktore wat die plasing van Ansie by mnr. en mev. Van Zyl gekompliseer het, was ondermeer die volgende:

- Dit was 'n krisisplasing en die egpaar Van Zyl het baie kort kennisgewing gekry van die plasing en Ansie kon ook nie voorberei word op die wysiging van haar versorgingsposisie nie.
- Dit was 'n eerste plasing by die Van Zyl-egpaar. Mnr. en mev. Van Zyl wat 'n kinderlose egpaar was, het nie ondervinding gehad van plek van veiligheid, pleegsorg of die permanente versorging van 'n kind nie.

- Die maatskaplike werker/navorser wat die pleegsorgdienste moes lewer, het nie die egpaar geken nie en was ook nie by die plasing betrokke nie.
- Die maatskaplike werker/navorser was wel die vorige paar jaar intens betrokke by dienslewering aan Ansie en daar het soos gemeld 'n besondere verhouding bestaan tussen Ansie en die maatskaplike werker/navorser.

Die Van Zyl-egpaar, Ansie en die maatskaplike werker/navorser het van die begin van die plasing baie 'hard' gewerk om die plasing te laat slaag. Elkeen van die betrokkenes in die sisteem het volgens sy eie konstruksie van wat nodig was om die plasing te laat slaag, gewerk. In die proses was daar baie misverstande en ongelukkigheid by die betrokkenes.

Die maatskaplike werker/navorser wat op daardie stadium besig was met die gemelde studie het dikwels nagedink oor die proses wat rondom die plasing aan die gang is.

Alhoewel al die partye 'hard' gewerk het, is die plasing ook deur die verskillende lede van die sisteem as problematies beleef en het blamering oor en weer voorgekom tussen die lede van die sisteem.

Ná net meer as 'n jaar is die pleegplasing op versoek van mnr. en mev. van Zyl getermineer.

Met Ansie se agtergrondgeskiedenis van drie vorige pleegplasings het die betrokkenes besluit om Ansie in 'n kinderhuis te plaas. Die verhouding tussen die maatskaplike werker/navorser en mnr. en mev. van Zyl en tussen die maatskaplike werker/navorser en Ansie het voortbestaan.

Daar sal vervolgens na die lewering van pleegsorgdienste volgens die Newtoniaanse model gekyk word, waarna aangetoon sal word hoe die verandering in die denke van die maatskaplike werker/navorser verandering in die hantering van die saak meegebring het en die navorsing sal volgens die Ekosistemiese model bekyk word. Daar sal verwys word na die plasing, verloop en uiteindelike verwydering van Ansie uit die spesifieke pleegsorgplasing, op versoek van die pleegouers.

## 1.6 EKOSISTEMIESE NAVORSING AS DIE SKEPPING VAN 'N WERKLIKHEID

Navorsing gebaseer op die Newtoniaanse - en die ekosistemiese benadering en die boustene onderliggend aan die twee genoemde benaderingswyses word dikwels verwar.

Dit blyk volgens verskeie outeurs, soos aangehaal deur De Lange (1990: 173) dat die terrein van navorsing in gesinsterapie deur sy eie ontwikkeling gekonfronteer is met 'n interne teenstrydigheid (Atkinson & Heath, 1987; Auerswald, 1987; Gurman, 1983a; Mauer & Retief, 1985; Schwartzman, 1984; Tomm, 1983; Wassenaar, 1985). Die wese van die konfrontasie is dat die Gesinsterapiebeweging op geen stadium van sy ontwikkeling, navorsingsmetodes gevolg het wat in ooreenstemming was met die onderliggende, epistemologiese aannames wat deur die Gesinsterapiebeweging gevolg is nie.

Volgens De Lange (1990:63 ) is daar byvoorbeeld in die Sistemiese benadering, wat onder meer gebaseer is op die beginsels van holisme en sirkulêre oorsaaklikheid, navorsingsmetodes gevolg ten opsigte van die gesinsterapie wat ontleen is aan die Newtoniaanse beginsels. Gevolglik getuig verskeie bydraes in die verband van navorsingsmetodes wat gebaseer is op die beginsels van reduksionisme, liniêre oorsaaklikheid en objektiwiteit. De Shazer (1978: 54-61) wys op die gevaar verbonde aan liniêre en sirkulêre denke teenoor mekaar stel en maak die stelling dat liniêre denke in die onderskeid tussen die twee maniere van dink is en nie daarbuite nie. Beide is egter maniere van dink oor data en die beskrywing daarvan. De Shazer (1981: 59) sê in dié verband:

> *"Systems, of course, need some sort of non-linear, multi-casual way of describing what it is that is going on, and part of that description, one level of that description, can include linear thinking as long as this does not disconnect a 'thing' from the larger more complex patterns and other levels".*

Die vermoede bestaan dat daar in navorsing volgens die Newtoniaanse benadering wat deur Gesinsterapeute gevolg is, 'n enkele faset wat ondersoek is juis van die meer komplekse patroon verwyder is. Die beperkinge van deduktiewe navorsing in maatskaplike werk is ook deur Rubin en Babbie (1989: 45-47) ondersoek. Die outeurs

staan die ontwikkeling van veralgemenings gebaseer op waarneming, met die gebruik van 'n meer buigsame navorsingsbenadering voor.

Daar bestaan in die Ekosistemiese benadering navorsingsbydraes wat daarop aanspraak maak dat dit konsekwent geëmansipeerd is van die beginsels van objektiwiteit. De Lange (1990: 174) wys daarop dat hoewel die bydraes die onmoontlikheid van objektiwiteit in navorsing weerspieël, daar steeds navorsing in gesinsterapie gedoen word asof die waarnemer onafhanklik van die waargenome bestaan. Hierdeur word die idee van die bestaan van 'n objektiewe werklikheid in stand gehou.

Auerswald (soos aangehaal deur De Lange 1990:175 ) se verklaring vir die dilemma in die ekosistemiese navorsing is dat daar weggeskram word van die maak van 'n konsekwente epistemologiese verskuiwing op die gebied van navorsing. Keeney (soos aangehaal deur De Lange 1990:175) is van mening dat die prinsipiële verandering wat in die ekosistemiese navorsing moet plaasvind, sentreer rondom die konsekwente epistemologiese gerigtheid van die navorsing.

Die Newtoniaanse wetenskap verloor teen dié ontwikkeling noodwendig prominensie, maar word volgens Auerswald (soos aangehaal deur De Lange 1990:179) om twee redes nie totaal verwerp nie.

Eerstens is die Newtoniaanse wetenskap 'n relevante beskrywingsraamwerk op sekere vlakke van die werklikheidswaarneming.

Tweedens is dit nie nodig om die Newtoniaanse wetenskap te vervang nie, aangesien die nuwe wetenskap, waarheid as ontdekkend definieer. Volgens dié beginsel kan die nuwe wetenskap die Newtoniaanse benadering akkommodeer.

Dit blyk dat dit rondom die sentraliteit van die waarnemer is wat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen wetenskap wat op 'n eerste orde kubernetiese basis bedryf word en nie die rol van die waarnemer in ag neem nie en wetenskap wat op 'n tweede orde kubernetiese vlak bedryf word, wat wel die sentrale posisie van die waarnemer erken. Daar word ook na tweede orde kubernetika verwys as kubernetika van kubernetika (De Lange 1990:179). Margaret Mead (Keeney, 1983b:161) was een van

die outeurs wat die insluiting van die waarnemer in die proses van waarneming op dié wyse beskryf het.

Tomm (1983:40) raak egter 'n wesenlike dilemma aan deur daarop te wys dat daar nie metodes bestaan oor hoe om navorsing te doen van 'n konseptuele aard nie. Tog gee hy enkele riglyne waaraan konseptuele navorsing behoort te voldoen. Die riglyne word vervolgens kortliks weergegee:

- Die navorser moet meer bewus wees van sy/haar aktiewe deelname ten opsigte van dit wat ondersoek word.

- Die navorser moet meer eksplisiet wees oor konseptuele kategorieë wat gebruik word ten opsigte van sy/haar aannames in die navorsingsondersoek.

- Die navorser moet daarvan bewus wees dat dit hy-/syself is wat bepaalde onderskeidings tref en die onderskeidings pragmatiseer.

Die navorser/maatskaplike werker het deur die drie konsepte van die Newtoniaanse en die Ekosistemiese denkwyses prakties toe te pas op 'n gevallestudie, duidelikheid gekry oor die bruikbaarheid van dié konsepte in die praktyk van pleegsorgdienste. Deur drie van elk van die konsepte uit die gemelde denkwyses te kies en te bespreek aan die hand van die gevallestudie wil egter nie geïmpliseer word dat 'n sekere denkwyse meer voordelig vir die praktyk is as die volgende manier van dink nie.

Deur die lewering van pleegsorgdienste aan die hand van die beginsels van die Ekosistemiese benadering word die lede van die betrokke sisteme die geleentheid tot outonomie handhawing gebied.

Dit blyk dat daar gedurende die afgelope paar dekades dramatiese wendings plaasgevind het in die natuurwetenskappe. Die Newtoniaanse wetenskapsmetode het aanleiding gegee tot so 'n mate van spesialisasie in die navorsingsproses, dat tradisionele wyses van denke en taal nie meer voldoende was om die werklikheid wat nagevors is, te bevestig nie. In die ontwikkeling op die gebied van die teorieë en relatiwiteit, kwantummeganika en kwantumgravitasie het bevindinge geïmpliseer dat

die klassieke fisika waarin die Newtoniaanse werklikheidsbeskouing weerspieël is, bevraagteken moes word.

In die geesteswetenskappe het die invloed van die Newtoniaanse paradigma sy beslag gekry deur die beginsels van die logiese positivisme. Hierdie beginsels impliseer dat die metodes en aannames van die natuurwetenskaplike proses, ongekwalifiseerd van toepassing is in die geesteswetenskappe (Reason & Rowan 1981).

Vanuit die sielkunde as 'n geesteswetenskap het daar gedurende die jare sestig 'n verset ontwikkel teen die invloed wat veral die mediese model, deur middel van die psigiatrie, op die sielkunde gehad het. Die verset is georganiseer deur middel van die sogenaamde anti-psigiatriebeweging. Die beweging het veral 'n radikale standpunt gehandhaaf teenoor die meganistiese verdeling van die menslike psige in behandelbare segmente soos gemanifesteer deur die proses van psigodiagnose en die algemene mediese siening van simptomatiese gedrag.

Ongeag die verskeie vorms van verset teen die aannames en teen die metodes van die Newtoniaanse paradigma, het die menswetenskappe en veral die sielkunde volgehou om die mens te bestudeer aan die hand van positivistiese beginsels. Volgens Capra (1983:43) is dit ironies dat die natuurwetenskappe, hoewel nie noodwendig suksesvol nie, in 'n groter mate begin wegbeweeg het van die tradisionele denke en wetenskapsmetode, terwyl die geesteswetenskappe volhard het in die wetenskapskonvensies.

Benewens die posisie van die geesteswetenskappe, blyk dit dat die Newtoniaanse benadering uiteindelik gekonfronteer sou word deur 'n alternatiewe werklikheids-punktuasie wat dui op 'n nie-liniêre en nie-reduksionistiese beskrywing van wat deur die navorser gekonstrueer is.

Daar sal in Hoofstuk 2 aan die hand van drie beginsels aangedui word hoe die Newtoniaanse denkwyse, en in Hoofstuk 3 hoe die ekosistemiese denkwyse in die navorser se konstruksie ontwikkel het en daar uitsien.

Met behulp van 'n gevallestudie sal pleegsorg en die begeleidingsdienste wat gelewer is, gebaseer op die Newtoniaanse- en die ekosistemiese benaderings soos in die studie na vore gekom het, uitgelig word.

# HOOFSTUK 2:

# DIE ONTWIKKELING VAN DIE NEWTONIAANSE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIES VAN DIE DENKWYSE OP PLEEGSORGDIENSTE.

## 2.1 INLEIDING

Die doel met dié hoofstuk is om aan die leser drie konsepte van die Newtoniaanse denkwyse voor te hou. Slegs drie konsepte van die benadering word bespreek hoofsaaklik as gevolg van die beperkte omvang van dié studie. Net soos ontwikkelings in die verskillende benaderings, het ontwikkeling ook in die navorser se denke plaasgevind. Die ontwikkeling was vanaf 'n benadering gebaseer op analitiese reduksionisme, liniêre oorsaaklikheid en die neutrale objektiwiteit van die navorser na konstruktivisme, strukturele determinisme en die konstruktivisties deelnemende waarnemer.

Ten einde die doelstelling te bereik sal eerstens drie konsepte van die Newtoniaanse denkwyse bespreek word, naamlik analitiese reduksionisme, liniêre oorsaaklikheid en neutrale objektiwiteit van die waarnemer. Daar sal uit die literatuur van die betekenisvolle bydraes tot die ontwikkeling van die denkwyse bygewerk word. Aan die hand van 'n gevallestudie sal na pleegsorgdienste verwys word, wat volgens dié denkwyse gedoen is.

## 2.2 BESPREKING VAN DRIE BEGINSELS VAN DIE NEWTONIAANSE DENKWYSE EN DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS IN DIE LEWERING VAN PLEEGSORGDIENSTE DEUR DIE MAATSKAPLIKE WERKER/NAVORSER

Gedurende die sewentiende eeu het daar 'n dramatiese verandering ingetree in die wyse waarop na die wêreld gekyk is. Van 'n klein minderheidsgroep intellektuele het die wetenskaplike rewolusie ontwikkel tot 'n geweldige invloed wat die denke en uitkyk van die Westerse wêreld gevorm het. Volgens Lifschitz (1986:12) het die wetenskapsiening die afgelope 300 jaar die mens se siening van die wêreld gedomineer.

Daar kan nie duidelike grense afgebaken word tussen die verskillende konsepte van die Newtoniaanse denkwyse en die ontwikkelingspad wat die navorser na die

Ekosistemiese denkwyse gevolg het nie. Vir die doel van die bespreking word die drie konsepte wat geïdentifiseer is, vervolgens onder die verskillende opskrifte bespreek.

### 2.2.1 Analitiese reduksionisme

Analitiese reduksionisme behels die opbreek van die geheel in dele wat dan geanaliseer of ondersoek word.

Bydraes en ontwikkeling van die konsep van die afbreek van 'n geheel in dele met die oog op die analisering van die geheel, was ondermeer deur die volgende denkers en skrywers:

**Galileo (1564 - 1642)**

Galileo was 'n belangrike figuur in die vestiging van die meganistiese siening van die heelal. Hy was die eerste om wetenskaplike eksperimente met die gebruik van wiskundige taal te kombineer om die wette van die natuur te formuleer. (Randall in Lifschitz 1986:13).

Galileo het die onderwerp van fisika tot primêre kwaliteite en hulle verhoudings beperk. Hy het ondervinding uitgesluit uit die veld van die wetenskaplike siening. Galileo het die klem laat val op die kwantifiseerbare eienskappe van materie en die meting van die eienskappe. Alhoewel die induksieprosedure hoofsaaklik ontwikkel is deur sy opvolger, Francis Bacon, het die empiriese benadering saam met die gebruik van wiskundige beskrywings soos deur Galileo ontwikkel, die oorheersende eienskap van die wetenskap geword tot in die laat twintigste eeu.

**Francis Bacon (1561 - 1626)**

Bacon se bydrae tot die ontwikkeling van die denkwyse word verskillend geag deur verskillende skrywers. Sy benadering was egter gesetel in die eksperimentele metode as wyse om onafbreekbare en hardnekkige feite te vestig en ook in die induktiewe metode om algemene wette vas te lê.

Bacon het die ontleding van die natuur voorgestaan ten einde die geheime daarvan te ontbloot. Die konseptuele raamwerk van Bacon het die meganiese siening met sy meegaande waardes van mag en beheer oor die natuur ingesluit. Bacon se geskrifte het begin om die mens se siening van die natuur as organisties na dié van die masjien te verander. Die metafoor van die masjien is verder ontwikkel deur Descartes en Newton.

Vir Réné Descartes (1569 - 1650), soos vir ander verteenwoordigers van die meganiese filosofie, was die soeke na sekerheid die sentrale probleem. Die ideale wetenskap was 'n deduktiewe hiërargie van eenhede. Die essensie van die metode was gebaseer op die volgende logiese stappe (Merchant 1980: 231):

- Om as waar te aanvaar slegs dit wat so duidelik aangebied word dat daar geen moontlikheid bestaan om daaraan te twyfel nie;
- Om elke probleem in soveel dele as wat nodig is om dit op te los, te verdeel;
- Om by eenvoudige objekte wat maklik is om te begryp, te begin en op te werk na die komplekse;
- Om so 'n algemene en omvattende oorsig te maak dat niks uitgelaat word nie.

Die analitiese metode van redenering is waarskynlik Descartes se grootste bydrae tot die benadering en het 'n essensiële aspek van moderne wetenskaplike denke geword. Die benadering is gebaseer op reduksionisme - die siening dat alle aspekte van komplekse verskynsels begryp kan word deur dit af te breek tot die dele waaruit dit bestaan.

Vir Descartes werk die natuur volgens meganistiese wette wat begryp kan word in terme van wiskundige formules. Alles in die heelal kan verklaar word in terme van die rangskikking en die beweging van die dele, dit sluit ook lewende organismes in. Descartes se meganistiese filosofie word ook uitgedruk in die idee dat die menslike liggaam ononderskeibaar is van die masjien. Die

samestelling van die funksionering is dieselfde as dié van horlosies, fonteine en meulens. Vir Descartes tree die dood in as een van die hoofdele van die organisme wanfunksioneer.

Descartes het sy siening van die natuur gebaseer op die fundamentele skeiding tussen "mind", die denke, en "matter" die objek. Hierdie lyn van redenasie het hom daartoe gelei om tot die gevolgtrekking te kom dat

> *"There is nothing included in the concept of body that belongs to the mind; and nothing in the mind that belongs to the body" (Hooker, 1978: 225).*

Die tweede idee pertinent van die eeu was gebaseer op die werk van John Dalton met atome. Dalton se hoofaanname was dat alle chemiese elemente bestaan het uit atome. Die chemici van die negentiende eeu het daarin geslaag om orde te bring in hulle wetenskap deur 'n verantwoordbare atoomteorie, gesetel in wiskundige terme, aan te neem (Lifschitz 1986:16).

Die oorblywende idees wat uit die negentiende eeu voortgekom het, was die teorie van die bewaring van energie en die evolusieteorie.

Die leerstelling van energie het die fisici gelei tot die formulering van termodinamika. Die eerste groot deurbraak van die nuwe wetenskap was ook die ontdekking van een van die mees fundamentele wette van fisika, naamlik die wet van bewaring waarna dikwels verwys word as die "First Law of Thermodynamics". Die tweede wet is geformuleer deur Kelvin, wat handel oor die vermorsing van energie. Hierdie tweede wet het in die fisika die idee van onomkeerbare prosesse wat in 'n sekere rigting van orde na wanorde beweeg, ingebring. Dit was egter nie voor Ludwig Boltzmann die idee van waarskynlikheid voorgestel het nie dat die gedrag van komplekse meganiese sisteme in terme van statistiese wette beskryf kon word en termodinamika op 'n Newtoniaanse basis geplaas kon word nie. (Capra 1983: 59 - 61).

Die effektiwiteit van so 'n sisteem van idees vir die organisering van wetenskaplike navorsing, moet egter nie misgekyk word nie. Sedert die sewentiende eeu tot vandag het dit die riglyne vir die wetenskap gebied en is

steeds aan die orde van die dag. Tog is daar 'n paradoks waarneembaar deur die heelal te verstaan in terme van 'n sisteem van hoogs abstrakte eenhede; dit bied die beeld van 'n konkrete, hanteerbare realiteit.

### 2.2.2 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van analitiese reduksionisme

Pleegsorgdienste volgens die beginsel van analitiese reduksionisme behels dat die pleegplasing opgebreek word in dele wat geanaliseer of ondersoek kan word. Gedrag, beginsels, metodes en teorieë word bestudeer en idees ontwikkel en verbande word gevorm om gedrag, teorieë en beginsels te begryp en in verband te bring met die waargenome.

Die pleegsorgplasing van Ansie by mnr. en mev. Van Zyl is deur die maatskaplike werker/navorser, die supervisor en pleegsorgkeuringswerker in dele opgebreek en elke deel is afsonderlik geanaliseer ten einde die suksesvolheid van die plasing te bepaal en hulp te verleen waar nodig. Elke persoon betrokke by die pleegplasing (soos die biologiese moeder, vorige en huidige pleegouers en die betrokke kind) is afsonderlik beskou. Daar is nie op dié stadium in die maatskaplike werker/navorser se hantering van die saak 'n gesamentlike onderhoud met al die betrokke lede van die pleegplasing gevoer nie.

In die praktyk is na die pleegkind, Ansie, se gedrag en moontlike oorsake vir die gedrag gekyk. Die voorkoms van gedrag soos byvoorbeeld die vertel van leuens, woedeuitbarstings en ongehoorsaamheid van Ansie aan die pleegmoeder, is selfs deur die pleegouers gemeet en aan die maatskaplike werker/navorser gerapporteer in terme van die hoeveelheid kere wat die gedrag voorgekom het in 'n sekere tyd, byvoorbeeld 'n week. Pogings tot 'oplossings' vir die problematiese gedrag van Ansie het ondermeer die volgende aksies ingesluit:

- Individuele terapie is aan Ansie gebied deur die navorser om haar te help om haar aggressie te kanaliseer na 'n sosiaal 'aanvaarbare' wyse om aggressie te hanteer.

- Ansie is ook deur die maatskaplike werker na die vorige pleegmoeder geneem om te gaan afskeid neem van die pleegmoeder en van haar klere te kry wat daar agtergebly het.

- Individuele gesprekke is met mnr. en mev. Van Zyl afsonderlik gevoer.

- Hulp en ondersteuning is deur die maatskaplike werker/navorser aan Ansie en die pleegouers gebied deur ondermeer gevoelens te hanteer, erkenning te gee vir pogings om die plasing te laat slaag en hulp wat aan Ansie gebied is deur die pleegouers.

Ten spyte van bogemelde pogings en harde werk van al die betrokkenes by die pleegplasing, het die pleegouers steeds gerespondeer met klagtes oor probleme met die pleegplasing en veral Ansie se gedrag. In hoofstuk drie sal die verandering in die denke van die maatskaplike werker blyk uit die hantering van en begrip vir die gedrag van die pleegouers en Ansie.

Die volgende beginsel van die Newtoniaanse denkwyse waarvolgens die Pleegsorgdienste gelewer is en wat kortliks bespreek sal word, is dié van liniêre oorsaaklikheid.

Die teoretiese onderbou en die toepassing van liniêre oorsaaklikheid in Pleegsorgdienste aan die hand van die gekose gevallestudie sal vervolgens bespreek word.

### 2.2.3 Liniêre oorsaaklikheid

Die klassieke wetenskaplike benadering het goed gewerk. Dit was die formule waarop die geweldige sukses van die fisika gebou is.

Volgens Capra 1983 (in De Lange 1990:19) het Descartes se bydraes die konseptuele raamwerk gebied vir die sewentiende eeuse wetenskapsrevolusie. Dit was egter op daardie stadium hoogstens 'n nuwe teorie. Die persoon wat die Cartesiaanse droom 'n realiteit kon maak en wat gevolglik die wetenskapsrevolusie kon voltooi, was Sir Isaac Newton (1642 - 1727).

Voor Newton se bydraes prominensie gehad het, was daar basies twee opponerende tradisies in die sewentiende eeuse wetenskap; die empiries, induktiewe metode van Bacon teenoor die rasioneel, deduktiewe metode van Descartes (De Lange 1990:20).

Isaac Newton het as die groot formuleerder van die sewentiende eeuse wetenskap bekend gestaan. Newton se bydrae het daaruit bestaan om 'n sintese te skep tussen beide metodes. Dit het daarop neergekom dat geeneen van die metodes kan lei tot 'n betroubare teorie in die afwesigheid van die ander nie. Newton het wiskundige metodes ontwikkel om beweging en voortgesette groei te meet en die metodes het hy universeel toegepas. Vir Newton was alle materie passief en dit het so gebly totdat daarop ingewerk word deur kragte van buite. Deur sy wet van swaartekrag het hy alle gebeure in die natuur beskryf. Dit was 'n manier om die heelal in 'n wiskundige geheel te verenig (Lifschitz 1986:17). Verandering in beweging is veroorsaak deur kragte soos swaartekrag of fermentasie wat op die materie inwerk. Beide materie en kragte was skeppings van God en daarom nie verder analiseerbaar nie (Capra 1983: 52).

John Locke, 'n filosoof, het die mens gesien as basiese bousteen van die gemeenskap (Berlin in De Lange 1990:20). Hy was van mening dat waarneembare verskynsels in die gemeenskap gereduseer kan word na die individu as basiese bousteen. Locke het die beginsel geïllustreer aan die hand van die mens wat as't ware as 'n skoon bladsy gebore word. Deur middel van waarneming verskil individue deur ervaring, hoewel almal met gelyke vermoëns gebore word (Whitehead in De Lange 1990:21).

Met die ontwikkeling van die wetenskap gedurende die agtiende en negentiende eeu, het die Newtoniaanse wêreldbeskouing 'n baie meer subtiele en komplekse struktuur aangeneem. Die wetenskaplike wêreldbeskouing moes egter 'n algehele heroriëntasie van denke aanneem toe die teorie van evolusie vinnig die mening van sommige mense begin domineer het.

Volgens Lifschitz (1986: 23) was die idee van evolusie van die mees rewolusionêre idees wat die mens nog oor homself en sy wêreld moes hoor. Wat betekenisvol was van die vloei van idees, gebaseer op vroeër idees van

evolusie soos gekry in geologie en politieke denke, was die Lamarckian-teorie. Hy het voorgestel dat alle lewende wesens ontwikkel het onder die druk van die omgewing, van 'n vroeëre, eenvoudiger vorm van lewe (Capra 1983: 58). Dit was 'n belangrike voorloper tot Darwin se publikasie wat 'n paar dekades later verskyn het.

Darwin se 'Origin of Species', wat in 1859 gepubliseer is, het 'n nuwe houding gesimboliseer wat geleidelik deel van sommige mense se denkwyse geword het. Die teorie van evolusie het die aanname van 'n statiese hiërargie wat met God begin en deur die mens afloop na alle vorme van lewe, bevraagteken (Lifschitz 1986: 24).

### 2.2.4 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van liniêre oorsaaklikheid

Die pleegplasing in die studie is ook volgens die beginsel van liniêre oorsaaklikheid vanuit die Newtoniaanse denkwyse hanteer deur die maatskaplike werker/navorser.

Soos in die bespreking van liniêre oorsaaklikheid hierbo, verwys die beginsel van liniêre oorsaaklikheid na faktore wat inwerk op 'n voorwerp en dan sekere (dikwels voorspelbare) gevolge veroorsaak. In die praktyk van Pleegsorgdienste sou dit beteken dat sekere gedrag van persoon A (byvoorbeeld die pleegkind) sekere voorspelbare reaksies by B (die pleegouers) tot gevolg sal hê.

In die geval van Ansie se pleegplasing by mnr. en mev. Van Zyl is na die invloed van Ansie op die egpaar se lewens gekyk. Na aanleiding van terugvoer van mev. Van Zyl dat haar man ure deurbring met Ansie om haar met haar skoolwerk te help, het kommer ontstaan by die maatskaplike werker/navorser oor die eise wat die plasing van Ansie stel aan die pleegouers en die invloed daarvan op die huweliksverhouding van mnr. en mev. Van Zyl. Volgens mev. Van Zyl was Ansie akademies agter en daarom moes haar man soveel tyd met haar deurbring, ten koste van hulle verhouding as egpaar.

Pleegmoeder B is hiervoor verantwoordelik gehou omdat sy volgens mev. Van Zyl nie toesig gehou het oor Ansie se skoolwerk nie. Daar is volgens die beginsel van oorsaak en gevolg geredeneer deur mev. Van Zyl, sonder om die

rol wat sy self speel in oorweging te neem. Die maatskaplike werker het aan mev. Van Zyl dit duidelik gestel dat 'n kind in die huis tyd van die ouers eis wat noodwendig minder tyd om met mekaar as egpaar te verkeer, tot gevolg het. Deur te blameer, word die rol van al die betrokkenes ontken en kan die blaam op 'n persoon of instansies geplaas word sonder om medeverantwoordelikheid te neem.

'n Verdere voorbeeld uit die gevallestudie waar liniêre oorsaaklikheid voorgekom het, is die insident waar die maatskaplike werker/navorser vir Ansie na pleeggesin B geneem het om te gaan afskeid neem. Mnr. en mev. Van Zyl was van mening dat die maatskaplike werker/navorser 'verkeerd' opgetree het deur Ansie na gesin B te neem. Uit latere gesprekke het dit geblyk dat die Van Zyl-egpaar van mening was dat die pleegplasing by gesin B misluk het, en dat die maatskaplike werker/navorser deur Ansie soontoe te neem die gedrag van pleegmoeder B, wat die direkte oorsaak was vir die mislukking van die pleegplasing (volgens die Van Zyls) goedgekeur het deur weer saam met Ansie daar besoek af te lê.

Mnr. Van Zyl het hom as volg daaroor uitgespreek: "n Mens kan nie 'n slegte ding goed praat nie, ek en my vrou is nie gelukkig met die manier hoe mev. B. haar besigheid bedryf het nie, hoe kan dan toegelaat word dat die kind haar weer daar gaan besoek?"

Die maatskaplike werker/navorser het weereens verduidelik hoe belangrik dit vir 'n mens/pleegkind is om voorberei te word op 'n skeiding of dan ten minste die geleentheid gebied moet word om afskeid te neem sou dit, soos in die geval met Ansie, 'n krisis skuif wees. Daar is ook aan die Van Zyl-egpaar gemeld dat Ansie vir 'n geruime tyd by gesin B in pleegsorg was en daar 'n spesiale verhouding tussen die betrokkenes ontwikkel het. Mnr. en mev. Van Zyl was nietemin van mening dat die maatskaplike werker/navorser blind is vir die wyse waarop veral mev. B. vir Ansie te na gekom het. Voorbeelde wat mnr. Van Zyl genoem het was dat Ansie se tandeborsel nie saamgestuur is nie, sy nie oor voldoende onderklere beskik nie en nooit geleer het om haar hare self te was nie, met ander woorde 'n gebrek aan basiese persoonlike higiëne openbaar het. Volgens die Van Zyl-egpaar was dit 'bewyse' van die kwaliteit of gebrekkige kwaliteit van pleegsorgdienste wat mev. B. gelewer het. Desnieteenstaande

neem die maatskaplike werker/navorser vir Ansie vir 'n afskeidsbesoek aan mev. B. Hierdie optrede deur die maatskaplike werker/navorser was vir mnr. en mev. Van Zyl onaanvaarbaar. Vir die maatskaplike werker/navorser was die optrede in belang van Ansie en is daar slegs van die Van Zyl-egpaar se besware kennis geneem.

Op dié stadium van die pleegplasing is die mening deur die maatskaplike werker/navorser gehuldig dat die Van Zyl-egpaar moontlik nie die geskikte pleeghuis vir Ansie is nie aangesien daar soveel probleme ondervind word met die plasing. Die maatskaplike werker/navorser het die Van Zyl-egpaar van 'n gebrek aan insig in Ansie se behoeftes, die werkswyse van die organisasie en die hantering van 'n kind in die algemeen beskuldig. Vir mnr. en mev. Van Zyl het die maatskaplike werker/navorser se optrede nie gestrook met die beleid van die vereniging om in belang van die kind op te tree nie.

Die beginsel van liniêre oorsaaklikheid is hier deur die maatskaplike werker gevolg en volgens die beginsel was daar 'n oorsaak (die pleegouers met wie probleme ervaar word) met 'n lynregte gevolg (die pleegplasing wat nie positief ervaar word en nie as suksesvol gesien kon word nie).

Liniêre denke sien terugvoer meganisties en slaag in die proses nie daarin om die konstruktiewe gevolge van terugvoer te benut nie. Dit is ook so in die praktyk deur die maatskaplike werker/navorser ondervind nadat geen terugvoer konstruktief benut is deur die pleeggesin of die maatskaplike werker/navorser nie. Die patroon van blamering en liniêre denke het geruime tyd voortgeduur.

Die derde beginsel van die Newtoniaanse denke waarop vir die doel van die studie besluit is en wat volgens die pleegplasing toegelig sal word, is die beginsel van neutrale objektiwiteit van die maatskaplike werker/navorser teenoor die kliëntesisteem.

### 2.2.5 Neutrale objektiwiteit van die waarnemer

Volgens die beginsel staan die waarnemer buite/objektief van die waargenome. Die implikasie hiervan is dat dit wat waargeneem word, geen invloed uitoefen op die waarnemer nie. Aan die ander kant van die siening oefen die

waarnemer ook geen invloed uit op die waargenome nie. Die afwesigheid van beïnvloeding van die waarnemer sluit nie doelbewuste insette van die waarnemer, soos in die geval van 'n eksperiment waar die waarnemer doelbewuste insette lewer, in nie.

Verskillende bydraes is op die gebied van neutrale objektiwiteit van die waarnemer gelewer. Francis Bacon wat in die tydperk 1561 - 1626 geleef het, se bydrae tot die sienswyse word verskillend geag deur verskillende skrywers. Sy benadering was egter gesetel in die eksperimentele metode as wyse om onafbreekbare en hardnekkige feite te vestig en ook in die induktiewe metode om algemene wette vas te lê.

Bacon was die voorloper van die benadering om kennis te baseer op afleidings wat gemaak word van spesifieke gebeure in die verlede en die afleidings toe te pas in die toekoms. Alhoewel dit 'n onvoldoende weergawe is van die proses van wetenskaplike veralgemening, het dit een van die belangrike aspekte gebly van die denke van die moderne mens (Van Melsen in Lifschitz 1986:14).

Hierdie skeiding tussen denke en objek het die mens se konsep van realiteit gevorm. Die ontwikkeling van die wetenskap het volgens die lyn van skeiding gevolg. So het die natuurwetenskaplikes "matter" geneem as hulle fokus, terwyl die geesteswetenskaplikes gekonsentreer het op "mind", die denke. Volgens Capra (1983:44-45) is die verhouding tussen die twee konsepte steeds die onderwerp van moderne debat.

Teen die einde van die 19e eeu het die fisici geglo dat 'n formele basis vir die bestaan van die mikro- en makrokosmos reeds bereik is. Volgens Auerswald (in De Lange 1990: 89) is daar in dié opsig aanvaar dat verwante denkreëls wat nodig is vir die totstandkoming van die grense en aard van die fisiese werklikheid omvat is deur die Newtoniaanse wetenskapsproses. Dit blyk dat alhoewel daar aanvaar is dat daar spesifieke leemtes bestaan in die denkreëls, daar geglo is dat deur die verfyning van die wetenskapsproses, hierdie leemtes uitgeklaar sou word. In werklikheid het dit geblyk dat die teenstrydigheid in die fisika, teen die verwagting in, steeds groter en minder akkommodeerbaar geword het.

Einstein het in 1905 vyf artikels gepubliseer wat die ontologiese fondamente van die Newtoniaanse denke sou omverwerp. Einstein se grootste bydrae was waarskynlik daarin geleë dat hy nie probeer het om sy bevindinge te laat inpas by die heersende aanvaarde wetenskapdenkreëls nie, maar dat sy uiteindelike teorie van relatiwiteit, 'n nuwe stel denkreëls geïmpliseer het (De Lange 1990:91).

Daar sal vervolgens gekyk word na die invloed van dié denkwyse op die lewering van pleegsorgdienste aan die hand van die gekose gevallestudie.

### 2.2.6 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van neutrale objektiwiteit van die maatskaplike werker/navorser

Soos hierbo bespreek, word daar volgens die beginsel van neutrale objektiwiteit van die waarnemer geen invloed deur die waarnemer uitgeoefen op die waargenome nie. Wederkerige beïnvloeding is nie ter sprake volgens dié beginsel nie.

In die praktyk van pleegsorgdienste sal die maatskaplike werker volgens die beginsel 'buite' die pleeggesin en die pleegkind en sy/haar gesin staan en nie deel word van die sisteem van pleeggesin, pleegkind, biologiese gesin van die pleegkind, die skool, welsynsorganisasie en ander betrokkenes wat deel uitmaak van die pleegsorgsituasies nie. Die maatskaplike werker/navorser se rol en die wederkerige beïnvloeding word deur hom-/haarself en die ander betrokkenes buite rekening gelaat.

As voorbeeld van die neutrale objektiwiteit van die maatskaplike werker/navorser die volgende uit die gevallestudie wat vir die doel van die navorsing gekies is:

Die pleegouers is versoek om Ansie tyd te gee om aan die plasing en veranderde leefwyse gewoond te raak. Tydens gesprekke tussen die maatskaplike werker/navorser en die pleegouers is gekonsentreer op die pleegplasing en spesifiek die pleegkind, Ansie. Die pleegouers en maatskaplike werker/navorser het nie as individue met mekaar kontak gemaak nie.

Objektiwiteit van die werker se kant is nagestreef en in die proses is die werker se rol tot die gebeure in die plasing buite rekening gelaat.

Objektiwiteit impliseer dat die maatskaplike werker/navorser as die 'kenner' wat ook die waarheid ken, tot die verhouding toetree. As voorbeeld hiervan is die besoek van Ansie aan pleeggesin B wat teen die huidige pleegouers se siening ingedruis het.

Na afloop van die besoek aan pleegma B van Ansie word die maatskaplike werker/navorser deur mnr. en mev. van Zyl van subjektiewe betrokkenheid beskuldig en tree die maatskaplike werker al hoe meer gedistansieer van die pleegouers op in 'n poging om objektiwiteit van haar kant te probeer toon aan die Van Zyl-egpaar.

Daar is 'n stadium in die proses van die pleegsorgplasing en begeleidingsdienste bereik waar die maatskaplike weker/navorser nie verdere dienste kon lewer nie.

Dit het egter duidelik uit gesprekke tussen die werker/navorser, Ansie en die betrokke pleegouers geblyk dat daar steeds op verskillende terreine in die gesin probleme ervaar word. Die probleme is in konsultasiegesprekke verder bespreek en daar is op meer individuele hulp aan Ansie en ondersteuning aan die pleegouers besluit. Verskeie faktore, waaronder die wantroue wat tusen die maatskaplike werker/navorser en die pleegouers geheers het en die maatskaplike werker/navorser wat gedistansieerd opgetree het teenoor die pleegouers, het dit bykans onmoontlik gemaak om 'n verhouding waarbinne ondersteuning aan die pleegouers gebied kon word op te bou.

Die maatskaplike werker/navorser het steeds as die 'kenner' die volle verantwoordelikheid vir die pleegplasing geneem. Op die stadium van die pleegplasing was die maatskaplike werker/navorser nog nie vertroud met die beginsels van die ekosistemiese denkwyse nie en is die Pleegsorgdienste gelewer volgens die Newtoniaanse denkwyse.

Ter toeligting van die epistemologiese ontwikkeling wat in die maatskaplike werker/navorser se denke plaasgevind het, sal daar in die volgende afdeling na

drie elemente van die ekosistemiese denkwyse gekyk word. Die ekosistemisiese beginsels waarvolgens pleegsorgdienste gedoen is, sal met voorbeelde toegelig word aan die hand van die gevallestudie waarop vir die doel van die navorsing besluit is.

# HOOFSTUK 3:

# BEGINSELS VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE IMPLIKASIE VAN DIE DENKWYSE OP PLEEGSORGDIENSTE

In die voorafgaande hoofstuk is die ontwikkeling van drie konsepte van die Newtoniaanse denkwyse bespreek, wat terselfdertyd verweef is met die ontwikkelingsgeskiedenis van die denkwyse by die navorser se wêreld- en mensbeskouing. Die praktiese implikasies van die epistemologiese skuif in die denke van die maatskaplike werker/navorser op die lewering van Pleegsorgdienste.

In hoofstuk 3 sal drie konsepte van die ekosistemiese denkwyse bespreek word, naamlik konstruktivisme, struktuurdeterminisme en tweede orde kubernetika. Die literatuurstudie wat onderneem is, sal weereens bygewerk word.

Die ekosistemiese beginsels waarvolgens pleegsorgdienste gedoen is, sal aan die hand van die gevallestudie waarop vir die doel van die navorsing besluit is, toegelig word.

## 3.1 INLEIDING: AGTERGROND VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE

Soos in hoofstuk 2 bespreek is die Newtoniaanse denkwyse gebaseer op die konsepte van objektiwiteit soos in tyd, ruimte, materie en krag gesien, terwyl die ekosistemiese denkwyse die beginsels herondersoek het.

In die ontwikkeling van die ekosistemiese denkwyse het verskeie mense 'n rol gespeel waarna verwys sal word onder die drie beginsels wat vir die beperkte omvang van die studie gekies is, naamlik konstruktivisme, struktuurdeterminisme en tweede orde kubernetika. Daar moet op gewys word dat konstruktivisme eerder 'n filosofie as 'n beginsel van ekosistemiese denke is. Daar word egter volgens die mens se manier van dink na die wêreld en mense se beskrywings van gebeure gekyk, wat konstruktivisme as 'n beginsel kan laat kwalifiseer vir die doel van die studie.

Konstruktivisme sal vervolgens bespreek word as die eerste van die drie beginsels wat vir die doeleindes van die studie gekies is.

## 3.2 BESPREKING VAN DRIE BEGINSELS VAN DIE EKOSISTEMIESE DENKWYSE EN DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS IN PLEEGSORGDIENSTE

### 3.2.1 Konstruktivisme

As filosofie kan konstruktivisme teruggevoer word tot die denke van die antieke Grieke (Fisher 1991:6). Die begrip konstruktivisme het te doen met die proses van hoe kennis gekonstrueer (geskep) word. Tans staan die perspektief bekend as 'radikale konstruktivisme' soos dit deur Von Glasersfeld (in Watzlawick 1984: 24) genoem word. Konstruktivisme as beginsel is radikaal omdat dit breek met die konvensionele idees oor kennis en 'n teorie van kennisontwikkeling waar 'n objektiewe ontologie nie erken word nie.

Immanuel Kant, 'n filosoof van die agtiende eeu word gesien as een van die groot denkers van die Westerse intellektuele tradisie. Volgens Kant is kennis die gevolg van 'n aktiewe organisme se interaksie met die omgewing. In kontras hiermee, sien John Lock, die stigter van Britse Imperialisme, kennis as die gevolg van die buitewêreld wat 'n afdruk maak op die aanvanklik blanko "tabula rasa" van die menslike verstand, soos deur Rychlak (in Efran, Lukens R.J. & Lukens M.D. 1988: 28) beskryf. Die Lockiaanse benadering sien kennis as iets buite die organisme, terwyl die Kantiaanse benadering kennis sien as die skepping van die organisme as 'n byproduk van sy koers deur sy lewe. Hiervolgens kan aangeneem word dat die objektivis se idees 'mental images' of indrukke 'ontdekkings' oor die wêreld daarbuite is, terwyl diè van die konstruktvis meer soos 'skeppings' is van dit wat daarbuite is, met ander woorde dit is die konstruktivis se eie skepping (Efran, et al. 1988: 28, 29).

Die sielkundige George Kelly beklemtoon die feit dat die mens nie sy uitvindings moet verwar met sy ontdekkings nie. Kelly verwys na die skepping van sy teorie as hy sê: "I must make this clear at the outset. I did not find this theory lurking among the data of an experiment, nor was it disclosed to me on a mountain top, nor in a laboratory. I have, in my own clumsy way, been making it up" (Kelly in Efran, et al. 1988).

Anderson (in Neimeyer 1993: 221) wys daarop dat konstruktivisme in terapie nie soseer 'n tegniek is nie as 'n filosofiese konteks is waarbinne terapie

gedoen word. Die benadering gaan oor wie van die mense betrokke is, wat hulle dink en doen en met wie hulle dit doen. Dit is die betekenis wat die mens aan sy lewe gee.

Die mens skep eksklusief deur ordening en organisasie 'n wêreld deur sy eie ondervindinge en die betekenisse wat hy daaraan heg. Elke mens skep sy lewensverhaal en hoe hy die lewe beleef. Watter bydrae daartoe gemaak word, sal afhang van onder meer die betekenis wat aan die gebeure in die lewe gegee word, hoe die belewenis van die gebeure aan mekaar oorgedra word en hoe die verskille in betekenis wat aan die gebeure gegee word tussen mense onderhandel word.

In Watzlawick (1984: 24) beskryf Von Glasersfeld konstruktivisme as volg:

> *"A theory of knowledge in which knowledge does not reflect an 'Objective' ontological reality, but exclusively an ordering and Organization of a world constituted by our experience."*

Die konstruksies word afsonderlik, maar ook in verhouding tot mekaar en in interaksie met die omgewing gevorm.

Volgens die siening is daar nie 'n gegewe realiteit nie, maar dit wat deur die waarnemer gesien en beskryf word, word deur homself tot stand gebring of gekonstrueer. Waarnemings en beskrywings vorm deel van ons as waarnemers en ons persepsies van wat gebeur.

Daar sal volgens Efran & Lukens (1985: 26) soveel gesinne in 'n vertrek wees as wat daar beskrywings van die gesinne deur waarnemers sal wees. Maturana (in Efran, et al. 1985:26) stel 'n 'multiverse' voor waar meer as een waarnemer se beskrywing saam bestaan of 'co-exist' met 'n volgende, elkeen in eie reg.

Die beginsels onderliggend aan die begrip konstruktivisme impliseer dat daar nie 'n skeiding bestaan tussen die waarnemer en dit wat waargeneem word nie, aangesien die proses van waarneming die realiteit skep wat waargeneem word. Deur die aanvaarding van die beginsels van die begrip konstruktivisme

word per implikasie aanvaar dat daar nie 'n onderskeid bestaan tussen die objektiewe realiteit en die waarnemingsproses nie.

Anderson & Goolishian (1988:382) lê klem op die sosiale konstruksie van betekenis deur middel van dialoog en vertelling.

In die gesinsterapie beweging is besef dat beide die bydraes van Bateson en Maturana gedien het as bevestiging van reeds bestaande filosofiese beginsels wat vervat is deur die begrip konstruktivisme (Dell 1985:17).

Konstruktivisme sal vervolgens met 'n punktuasie van die maatskaplike werker/navorser, aan die hand van die gekose gevallestudie toegelig word.

### 3.2.2 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van konstruktivisme

As gekyk word na bogenoemde bespreking van die beginsel van konstruktivisme sal dit in die praktyk van Pleegsorgdienste behels dat elke lid van die sisteem, naamlik die betrokke pleegkind Ansie, die maatskaplike werker/navorser, pleegouers, mnr. en mev. Van Zyl, en die res van die sisteem deur die betekenisse wat hulle heg aan die gebeure elk 'n eie realiteit skep. Hierdie konstruksie word afsonderlik, maar ook in verhouding tot mekaar gevorm en moet gehoor en gerespekteer word. Daar bestaan volgens konstruktivisme nie 'n enkele objektiewe waarheid nie. Elke lid van die pleegsisteem se gedrag en idees is 'n voorbeeld van die konstruksies wat hy/sy gevorm het.

Daar sal in die bespreking verder van mnr. Jan en mev. Elsie van Zyl se voorname gebruik gemaak word, in verwysing na die pleegouers. Die maatskaplike werker en die pleegouers het mekaar tydens die proses van pleegsorgdienste op voorname begin aanspreek.

Ter illustrasie van die beginsel van konstruktivisme en die invloed van die beginsel, is die volgende punktuasie deur die maatskaplike werker/navorser gemaak:

Die pleegouers het aan die maatskaplike werker/navorser gemeld dat hulle in hulle onderskeie beroepe 'onder' begin het en met harde werk daarin geslaag het om bevredigend te vorder. Volgens Jan se konstruksie was dit slegs deur harde werk dat hy oor die kennis en vaardigheid, wat sy beroep vereis, beskik, aangesien hy geen hulp van sy ouers ontvang het in sy opleiding nie. Volgehoue harde werk was volgens Jan se konstruksie die oplossing vir probleme. Dit was ook die eienskap wat hy in sy vrou, Elsie, gewaardeer en uitgesonder het om aan die maatskaplike werker/navorser te noem. Ten spyte daarvan dat beide Jan en Elsie voldag beroepe beoefen het, het hulle sonder enige hulp in die huis en tuin gewerk. Elsie het ook haar eie klere gemaak.

Die egpaar was kinderloos en dit het later in die proses geblyk dat Elsie dikwels bekommerd was oor haar vermoë om as moeder vir 'n kind op te tree.

Met die konstruksie van harde werk was dit Jan en Elsie se voorneme om ook as (pleeg)ouers hard te werk om aan 'n kind 'n goeie opvoeding te gee. Ansie is gesien as 'n kind met probleme en harde werk kon die oplossing bied.

Volgens Ansie se konstruksie het sy hulp benodig. Sedert sy in die welsynsisteem gekom het, is daar intensiewe hulpverlening aan haar gebied. Aanvanklik was daar die verwydering uit die biologiese moeder se sorg, toe volg die hofsaak teen haar stiefvader en haar aanpassing in alternatiewe sorg. Gedurende die tyd moes sy deurgaans mediese toetse en hulp ondergaan met die fisiese probleme wat sy ondervind het.

Ansie moes ook twee keer van versorgingsposisie verander en telkens is intensiewe begeleidingsdienste gelewer. Die skuif na Jan en Elsie was 'n krisisplasing waarop die verskillende sisteme nie voorberei kon word nie. Die patroon van intensiewe dienslewering is verder voortgesit.

Jan en Elsie het van die begin van die plasing in hulle sorg vir Ansie gesê dat sy hulp benodig, onder meer met haar skoolwerk, persoonlike versorging en wat van haar verwag word in 'n gesin met betrekking tot huishoudelike take.

Die maatskaplike werker/navorser se konstruksie van Ansie was van so 'n aard dat die werker/navorser ekstra sorg en aandag aan Ansie geskenk het. Soos

hierbo gemeld, was dit 'n patroon sedert Ansie in die sisteem gekom het. Die sorg en aandag was nodig veral met die geweldige fisiese mishandeling waaraan Ansie blootgestel was, die verwerping van die moeder en gesin van herkoms, die hofsaak teen die stiefvader en die verskeie pleegplasings wat nie gewerk het nie.

Die maatskaplike werker/navorser was bekommerd oor die herhaalde verandering in Ansie se versorgingsposisie van die een pleeghuis na 'n ander pleeghuis.

Von Glasersfeld (in Watzlawick, 1984: 30) is van mening dat kennis beperk word deur die resultate van vorige konstruksies. Deur persepsies vorm mense konstruksies waarop konstruksies gebou word. So het die bevordering wat Jan by sy werk gekry het en later die goeie vordering wat Ansie op skool gemaak het, Jan se konstruksie van harde werk bevestig. Jan se intensiewe hulp aan Elsie het haar konstruksie dat sy hulp benodig bevestig en sy het 'n konstruksie gebou op vorige konstruksies van hulpbehoewendheid.

Die welsynsisteem stel sekere eise vanuit hulle konstruksie aan 'n pleegplasing en die kontak van die maatskaplike werker/navorser asook haar besondere verhouding met Ansie, het ook die vorming van konstruksies beïnvloed.

Die maatskaplike werker/navorser se betrokkenheid by Ansie en die verhouding wat daar bestaan het, het aan Elsie haar konstruksie bevestig dat sy nie 'n goeie moeder vir Ansie is nie. So het ook Elsie op vorige konstruksies van haarself as moederfiguur gebou.

Verdere voorbeelde van hoe die konstruksies van die verskillende lede van die pleeg- en welsynsisteem mekaar se gedrag beïnvloed het, word hieronder beskryf:

Jan en Elsie het sedert die begin van die plasing baie hard gewerk om Ansie te help en 'n beter kans in die lewe te gee as wat sy (volgens hulle konstruksie) tot dusver gehad het. Volgens Jan se konstruksie het hy en Ansie baie tyd saam deurgebring met haar skoolwerk.

Binne 'n paar dae na die plasing van Ansie, is die versoek telefonies deur Jan aan die maatskaplike werker gerig om Ansie van skool te laat verander na 'n skool wat in die gemeenskap waar die gesin gewoon het, geleë was. Dit was drie maande voor die einde van die akademiese jaar. (Volgens die pleegouers se konstruksie sou so 'n verwisseling van skole deel uitmaak van die proses om Ansie beter geleenthede te bied. Die Van Zyl-egpaar was van mening dat die skool in die gebied waar hulle gewoon het, se akademiese standaarde van 'n hoër standaard was as die van die skool wat Ansie op daardie stadium bygewoon het.)

Volgens Ansie se konstruksie dat sy hulp benodig, het sy met klagtes oor die skool by die pleeghuis gepresenteer. Die klagtes het onder meer ingesluit dat van die kinders by die skool van haar skryfbehoeftes uit haar tas neem, onregverdige optrede van 'n onderwyser teenoor haar en 'n gebrekkige verduideliking van wiskunde wat dit vir haar onmoontlik gemaak het om die werk te begryp.

Volgens die maatskaplike werker/navorser se konstruksie sou Ansie 'n beter kans op die suksesvolle voltooiing van die skooljaar hê as sy nie so laat in die jaar van skool verwissel nie. Die maatskaplike werker/navorser was bekommerd oor die verlies aan verhoudings wat Ansie met ander kinders en onderwysers by die skool opgebou het. Indien sy so gou van skool ook verwissel sou sy by die skool en by die huis met nuwe aanpassing gekonfronteer word. Die maatskaplike werker/navorser is in dié siening gesteun deur die supervisor en die maatskaplike werker wat Ansie se plasing by Jan en Elsie hanteer het. Die persone het 'n steunstelsel gevorm om die pleegsorgplasing te monitor en die maatskaplike werker te ondersteun. (Die konstruksie van die maatskaplike werker/navorser is afsonderlik, maar ook in verhouding tot die pleegkind en -ouers, supervisor en kollega gevorm).

Die maatskaplike werker/navorser is as die kenner (ekspert) op die gebied van pleegsorgdienste gesien, deur haarself en die spanlede, en het nie die konstruksie van die pleegouers of van Ansie gehoor en gerespekteer nie.

Met die epistemologiese ontwikkeling van die maatskaplike werker/navorser vanaf die Newtoniaanse na die ekosistemiese benadering is besef dat elk van

die lede van die sisteem vanuit 'n eie konstruksie van die werklikheid opgetree het. Die verwisseling van skole so kort voor die einde van die akademiese jaar maak nie sin nie, tensy dit in die konteks van die pleegouers se konstruksie gesien word - dat dit in belang van Ansie is en deel uitmaak van die 'plan' van die pleegouers om aan Ansie 'n nuwe en beter lewe te bied. Gesien in dié konteks kry die versoek nuwe betekenis. Net so het die maatskaplike werker/navorser se weiering dat Ansie van haar huidige na die 'beter' skool oorgeplaas word vanuit die maatskaplike werker/navorser se konstruksie, nie vir die pleegouers sinvol geklink nie. Ansie se klagtes oor die skool kon vanuit haar konstruksie gesien word as 'n beroep op hulp van die pleegouers.

Die proses rondom die skoolverwisseling van Ansie, al dan nie, sal kortliks beskryf word:

> Die weiering van die Organisasie se kant om Ansie van skool te laat verwissel is baie negatief deur die pleegouers beleef en Jan het sekere stappe geneem. 'n Ontmoeting is met die maatskaplike werker gereël en die skool waar Ansie steeds was, se "swak" en "slegte" punte is uitgewys. Jan het ook verskeie van die personeellede van die skool telefonies gekontak met klagtes wat Ansie tuis teenoor die pleegouers geopper het.
>
> Die skoolhoof is gesien met 'n lys van klagtes oor gebeure wat plaasgevind het gedurende skoolure. Jan se gedrag is as aanvanklik as negatief en aggressief beskou deur die maatskaplike werker/navorser en die supervisor en kollega, maar vanuit 'n konstruktivistiese siening kon dit op 'n later stadium deur die maatskaplike werker/navorser begryp word. Dié gedrag van Jan is ingesien as stappe om die realiteit soos deur hom gekonstrueer, te bevestig. Die gedrag het ook gepas by Jan se konstruksie dat 'alles' met harde werk reggemaak kan word. In die voorbeeld onder bespreking is al die afsprake gereël en ander aktiwiteite deur Jan uitgevoer ten einde Ansie oorgeplaas te kry na die skool wat die pleegouers se goedkeuring weggedra het.

Die voorbeeld dien verder ook as illustrasie van botsende konstruksies indien die betekenis van al die konstrueerders nie gehoor en verstaan word nie. Jan en die maatskaplike werker/navorser het verskeie gesprekke gevoer, begrip en 'n samewerkende verhouding het nie op daardie stadium bestaan tussen die

sisteme nie. Die maatskaplike werker/navorser het nie oor die kennis van konstruktivisme beskik en die beginsel toegepas nie. Met die kennis en die epistemologiese skuif kon die maatskaplike werker/navorser respek toon vir al die betrokkenes se konstruksies en hoe die konstruksies gedrag vorm, soos later sal blyk.

Gergen (1985: 267) wys daarop dat volgens die konstruktivistiese siening die proses van begrip hê nie outomaties as gevolg van natuurlike oorsake is nie, maar dat dit die proses is van 'n aktiewe, samewerkende onderneming van mense wat in 'n verhouding tot mekaar staan. Al die betrokkenes na wie hierbo verwys is en wat Jan gekontak het ten einde 'n konsensuele domein van konstruksie te skep, is 'n voorbeeld hiervan.

'n Verdere voorbeeld van hoe elke mens sy eie konstruksies in interaksie met ander vorm en daarvolgens sekere gedrag openbaar, is deur die volgende geïllustreer. Elsie het aan die maatskaplike werker genoem dat sy deurentyd streng moet optree teenoor Ansie omdat sy dit beleef dat Ansie haar die hele tyd toets. Volgens Elsie se konstruksie was die toetsende gedrag van Ansie 'n toets vir haar vermoë om as pleegmoeder op te tree.

Daar is baie tentatief aan Elsie gevra of Ansie ook vir Jan, die pleegpa, 'toets' en of Ansie die toetsende gedrag ook by die skool sou openbaar. Die vraag het Elsie laat nadink en sy het aan die maatskaplike werker genoem dat dit waarskynlik slegs lede van die vroulike geslag is wat so 'getoets' word, veral die moederfiguur. Die maatskaplike werker het gemeld dat dit dus nie slegs teenoor die pleegmoeder as persoon is wat die gedrag geopenbaar word nie. Indien Ansie dieselfde tipe gedrag wel teenoor ander mense buiten Elsie openbaar, kan dit ook wees dat die ander nie die gedrag van Ansie as 'toetsend' ervaar nie. Volgens Elsie se konstruksie, wat in verhouding tot Ansie gevorm is, was dit wel toetsende gedrag. Hierdie konstruksie van Elsie moes deur die maatskaplike werker/navorser gehoor en gerespekteer word. Na vele gesprekke, met ander woorde, volgens Gergen se proses van 'n aktiewe samewerkende onderneming tussen die maatskaplike werker/navorser en Elsie, kon Elsie en die maatskaplike werker/navorser ooreenstemming bereik dat dit Elsie se konstruksie is dat Ansie haar 'toets'. Verder kon ook met die konstruksie van die maatskaplike werker/navorser saamgestem word dat Ansie

volgens haar eie konstruksie, verwerping van die moederfiguur beleef het en die verwerping ook in die huidige pleegsituasie gevrees het. Ansie se gedrag kon gerig word volgens die vrees vir verdere verwerping.

Die maatskaplike werker/navorser kon met die konstruktivistiese siening in verhouding met die pleegouers en Ansie (wat ook haar eie realiteit geskep het, in die voorbeeld hierbo genoem, van verwerping van die moederfiguur) in 'n samewerkende onderneming begin begrip toon.

Konstruktivisme, volgens Neimeyer (1993: 222), gaan daaroor om sin te maak van ervarings en om doel en betekenis te skep uit die gebeure in die lewe.

Elsie kon nou sin maak uit Ansie se gedrag wat as toetsend beleef is in Elsie se konstruksie en daar het wel begrip begin ontstaan vir die gedrag alhoewel Elsie dit steeds as onaanvaarbaar beskou het. Die maatskaplike werker/navorser het tot die besef gekom dat begrip en respek vir konstruksies nie noodwendig die goedkeuring of aanvaarding van die gedrag wat uit die konstruksie spruit, behels nie.

Die maatskaplike werker/navorser het na vele gesprekke en onderhandeling begrip gekry dat elkeen volgens sy/haar konstruksie van die gebeure in belang van die sukses van die pleegplasing opgetree het. Verskillende betekenisse is deur die betrokkenes geheg aan dieselfde ervarings. Die begrip en respek vir die konstruksies is op die volgende wyse oorgedra.

Die doel van die pleegouers met hulle harde werk, kon deur die maatskaplike werker/navorser begryp en gerespekteer word. Die begrip en respek is aan die pleegouers oorgedra deur erkenning te gee vir hulle harde werk en namens die organisasie ook vir Jan en Elsie skriftelik te bedank dat hulle bereid is om soveel tyd en energie in die pleegplasing te sit. Daar is erkenning gegee vir Elsie wat ten spyte van Ansie se toetsende gedrag steeds bereid is om teenoor Ansie as moederfiguur op te tree.

Respek vir Ansie se konstruksie is getoon deur aan haar begrip te gee dat sy nie sonder hulp by die nuwe skool met verhoogde standaarde kan aanpas nie. Die maatskaplike werker het aan Ansie uitgewys dat opvoedingstyle in huise

verskil en dat sy ook hulp benodig om aan die huidige pleegouers se standaarde ten opsigte van persoonlike higiëne te voldoen.

Die maatskaplike werker/navorser het volgens haar konstruksie gepoog om die lede van die sisteem te help om by mekaar aan te pas en die pleegplasing te laat slaag.

Dit het die brief ingesluit wat aan die pleegouers gestuur is, asook telefoniese kontak en tuisbesoeke wat individuele en gesinsgesprekke behels het. Die maatskaplike werker/navorser het volgens haar konstruksie dat die pleeggesin hulp benodig met die aanpassing by mekaar, opgetree.

Die beginsel van strukturele determinisme sal vervolgens bespreek word en aan die hand van die gevallestudie toegelig word.

### 3.2.3 Struktuurdeterminisme

Hierdie begrip is afkomstig van Maturana aan die hand van navorsing en beskrywing van die senuweestelsel. Volgens Maturana (1975, 1978, 1980) het elke lewende sisteem 'n eie outonome individualiteit omdat die sisteem se struktuur ten volle determineer hoe die sisteem sal reageer.

Maturana (1975: 116) wys daarop dat organisasie en struktuur nie dieselfde is nie. Le Roux (1987: 36) haal Maturana (1984) as volg aan in die verband:

> *"The structure of the system determines the domain of structural changes it may undergo without disintegration. Structural change with loss of organization (that which specifies a system as a unit) is disintegration."*

Volgens Maturana is 'n lewende sisteem struktuurgedetermineerd. Die woord struktuur is volgens Maturana (1974: 115) afgelei van die Latynse word 'struere' wat letterlik beteken om te bou. 'n Eenheid se struktuur verwys derhalwe na die aard van die komponente en die verhouding tussen die komponente, waaruit die struktuur opgebou is en wat die gedrag van die struktuur bepaal (Dell 1985:7). Die begrip struktuurgedetermineerdheid is deur Maturana (1975)

gebruik om aan te dui dat die veranderinge wat 'n sisteem ondergaan in die proses van konstante selfverwysing, bepaal word deur die organisme se eie struktuur, met ander woorde die komponente en hul verhoudings, soos hierbo genoem en nie deur die invloede van buite die struktuur nie.

**Outonomie**

Volgens Maturana (1974: 313) is die wesenselement van 'n sisteem se organisasie en struktuur gesetel in 'n lewende sisteem se strewe na outonomie. Benewens die feit dat lewende sisteme afhanklik is van 'n bepaalde konteks of medium vir hul basiese bestaan, is alle verskynsels wat in verhouding staan tot 'n lewende sisteem sekondêr tot 'n sisteem se outonomie (Maturana 1975: 313). 'n Sisteem se outonomie hou verband met die verskynsel dat hy/sy, sy/haar eie organisasie onder alle omstandighede wil behou. 'n Lewende sisteem is met ander woorde daarop gerig om sy/haar eie voortbestaan te verseker volgens Le Roux (1978: 45).

Die omvattende organisasie van 'n lewende sisteem word in stand gehou deur die sirkulêre proses van konstante selfverwysing. Veranderinge wat die sisteem ondergaan, word bepaal deur die sisteem se eie organisasie en struktuur. Volgens die beginsel bepaal die sisteem watter effek impulse sal hê op die sisteem en op watter wyse daarop gereageer sal word.

Strukture verander met elke interaksie wat hulle ondergaan; dit is veral die geval met dinamiese lewende sisteme wat voortdurende verandering ondergaan in hulle komponente en in die verhouding tussen die komponente (Dell: 1985 :7).

Leyland (1985 : 368) is van mening dat hierdie beginsel waarskynlik van die mees kontroversionele van al Maturana se idees is aangesien dit die siening van liniêre oorsaaklikheid, waar A vir B veroorsaak en B dus voorspelbaar is, bevraagteken. Na aanleiding van navorsing deur Maturana op die fundamentele aard van lewende sisteme en op die gebied van persepsies, glo hy dat 'n sisteem veranderinge kan ondergaan op die volgende wyses:

- verandering van die struktuur sonder die verlies van die sisteem se identiteit;

- verandering van die struktuur met die verlies van die sisteem se identiteit.

Sodanige veranderinge of die disintegrasie van die sisteem word egter deur die sisteem se organisasie bepaal en nie deur die impulse van buite op die sisteem nie.

Volgens Maturana (in Maturana en Varela 1992: 97) is die beginsel van struktuur-gedetermineerdheid veral op twee wyses ter sprake in die proses van die beskrywing van 'n sisteem. Daar moet naamlik onderskeid gemaak word tussen die inherente wisselwerking van 'n sisteem en 'n sisteem se wisselwerking as 'n eenheid met 'n eksterne omgewing.

Soos in die studie waar die welsynsisteem as 'n eenheid, in wisselwerking met dié van 'n pleegsisteem, met 'n eksterne omgewing in wisselwerking verkeer. In 'n gesin vind ook veranderinge plaas wanneer 'n kind in pleegsorg geplaas word en die organisasie van die pleeggesin as sisteem geraak word deur die verandering van die struktuur van die gesin. Die gevallestudie het byvoorbeeld slegs uit 'n egpaar bestaan by wie 'n kind in pleegsorg geplaas word. Bo en behalwe die wisselwerking van die pleegsisteem as 'n eenheid met die eksterne omgewing, wat die welsynsisteem ingesluit het, was daar ook die geweldige inherente verandering van die sisteem, waarby die sisteem gepoog het om aan te pas sonder die verlies van identiteit.

In 'n gesinsisteem (sonder die kompleksiteit van pleegsorg) word die individuele lede in elk geval voortdurend versteur of geperturbeer met interaksie van buite sowel as binne die sisteem. Ter wille van die voortbestaan van die sisteem is dit nodig dat die gesin by die voortdurende perturbasie (impulse wat op die sisteem inwerk) moet aanpas op so 'n wyse dat die gesin homself in stand hou. Alhoewel die meeste gesinne met meer of minder gemak by die perturbasies aanpas, kom terapeute dikwels met gesinne in kontak wanneer die gesin se voortbestaan as organisasie in gevaar verkeer.

Aangesien die struktuur van 'n sisteem die aksies van die sisteem bepaal, is 'n sisteem outonoom. Menslike sisteme sal volgens Maturana (1975) hulle outonomie uitoefen in terme van hulle struktuur-gedetermineerdheid. Ekosistemies gesien, as 'n sisteem sy outonomie verloor, verander sy

organisasie en is die sisteem dus vernietig (Fourie in Van der Westhuizen, 1994: 185).

Alhoewel sisteme struktuur-gedetermineerd is en hulle outonomie wil bewaar, bestaan hulle in interaksie met ander struktuur-gedetermineerde sisteme.

Indien die interaksie tussen twee sisteme nie vir beide sisteme tot voordeel strek nie, sal koppeling "coupling" nie plaasvind nie en die sisteme se paaie sal skei. Hierdie verskynsel kan maklik plaasvind in die beginfase van 'n terapeutiese verhouding, in 'n sosiale verhouding waar dit lyk of twee sisteme niks het om vir mekaar te bied nie, of in 'n pleegsorgplasing.

Sisteme koppel struktureel as die resultaat van opeenvolgende interaksies waartydens die onderskeie strukture opeenvolgende veranderinge ondergaan sonder die verlies van identiteit:

> "However, if two or more systems experience their interactions as mutually satisfying then a 'consensual domain' is created, which really means a shared world view of common beliefs." (Leyland, 1985: 369).

Sodanige strukturele koppeling en die vorming van 'n konsensuele domein kan beskryf word as 'n "egpaar", "gesin", "klub", ens. In sulke gevalle word die individuele lede se behoeftes ondergeskik gestel aan dié van die hoër orde van die sisteem, wat te alle tye in stand gehou moet word, anders sal die sisteem disintegreer. Alle veranderinge in die sisteem sal gaan om die organisasie en identiteit van die sisteem in stand te hou. Engelbrecht (1989:17) verwys na strukturele koppeling as 'n noodsaaklikheid om 'n sisteem te help om te oorleef in 'n bepaalde omgewing en om die disintegrasie van die sisteem te verhoed.

Volgens Maturana (De Lange 1990: 108) bestaan elke waarnemer as 'n struktuur-gedetermineerde sisteem in 'n spesifieke medium. Die verhouding tussen 'n struktuur-gedetermineerde sisteem en sy medium word volgens hom gesien as 'n toestand van strukturele komplimentariteit, waarbinne die wisselwerking van die sisteem met die medium as wedersydse perturbasies dien. Hierdie noodsaaklike proses van strukturele komplimentariteit tussen 'n

struktuur-gedetermineerde sisteem en sy medium, ten einde te verhoed dat 'n sisteem ten opsigte van sy medium verlore gaan beskryf Maturana (Maturana en Varela 1987: 75) as 'n proses van strukturele koppeling en hy beskou dit as 'n voorwaarde vir die bestaan van enige lewende sisteem.

Maturana (1980: 32) wys daarop dat die konsensuele domein en taal wat voortvloei uit strukturele koppeling, nie inligting oordra nie, daar is met ander woorde nie 'n kenner van buite wat inligting gee nie, selfs al word dit as sulks deur die waarnemer voorgehou. Die funksie van taal is volgens Maturana om die gebruiker daarvan met sy/haar eie kognitiewe domein te oriënteer.

### 3.2.4 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van struktuurdeterminisme

Dell (1985: 7) verwys na Maturana wat van mening is dat die komponente van 'n struktuur en die verhouding tussen die komponente die gedrag van die struktuur bepaal. Volgens die beginsel het die pleeggesin Van Zyl, Ansie en die maatskaplike werker/navorser ook opgetree soos deur die komponente van elkeen se struktuur en die verhouding tussen die komponente bepaal is.

Daar kan nie na die pleegplasing verwys word, sonder om ook na elk van die pleegouers, Ansie en die maatskaplike werker/navorser se strukture en strewe na die instandhouding van die organisasie te verwys nie. Die veranderinge wat die sisteem ondergaan het in die proses van konstante selfverwysing, is bepaal deur die organisme (pleegouers, Ansie en dié van die maatskaplike werker/navorser) se eie struktuur.

'n Voorbeeld van hoe impulse van buite nie die veranderinge teweeggebring nie, is die tyd en werk wat die pleegpa ingesit het om Ansie akademies te help presteer, maar dit het nie die verandering in Ansie se akademiese prestasie teweeggebring nie. Ansie self kon wel volgens haar eie outonomiteit en komponente in haar struktuur 'n beter akademiese prestasie behaal het.

Die maatskaplike werker/navorser, kollegas en supervisor het as sisteem aan die behoud van die welsynsisteem as organisasie gewerk.

Soos deur Leyland (1985: 12) en De Lange (1990:99)gemeld, moes strukturele koppeling plaasvind en 'n konsensuele domein gevorm word tussen die pleegouers en Ansie en die welsynsisteem, wat vir alle sisteme tot voordeel strek. Die alternatief tot die vorming van 'n konsensuele domein sou wees dat die sisteme nie kon saamwerk en hulle paaie skei nie of die strukture kon verlies van identiteit ervaar en 'n disintegrasie van die sisteem (die egpaar, pleeggesin of welsynstruktuur) kon plaasvind.

Ter wille van die voortbestaan van die pleeggesin moes die pleegouers, pleegkind en die pleegsorgdienstesisteem (maatskaplike werker/navorser, kollegas en supervisor) by die voortdurende perturbasies aanpas op so 'n wyse dat die sisteme hulleself instand hou. Soos dit later in die pleegsorgsituasie geblyk het, was daar nie strukturele koppeling tussen die pleegouers en die pleegkind nie. Dit blyk een van die groot dilemmas van pleegsorg te wees, naamlik dat aan die pleeggesin en pleegkind die verwagting gestel word om as 'n sisteem struktureel te koppel sonder verlies van organisasie. Met 'n pleegsorgwysiging word van die kind wat alternatiewe sorg benodig en die pleeggesin wat bereid was om as alternatiewe versorginghuis op te tree, vereis om weer by die veranderinge aan te pas sonder disintegrasie.

Soos gemeld vind strukturele koppeling plaas na herhaalde interaksies. Ansie se plasing by die pleegouers was egter 'n krisisplasing. In die praktyk beteken dit dat herhaalde interaksies voor die plasing nie tussen die verskillende sisteme kon plaasvind nie. Die maatskaplike werker/navorser was nie in die posisie om Ansie aan die pleegouers voor te stel en hulle die geleentheid te bied om mekaar by meer as een geleentheid te ontmoet voor die plasing nie. Met die plasing van Ansie is hard gewerk, maar elk van die sisteme wil egter sy eie outonomie/organisasie behou en koppeling het nie plaasgevind tussen Ansie en die pleegouers nie.

In sommige pleegplasings kan dit wel gebeur dat die verskillende outonome sisteme by mekaar aanpas sonder verlies van outonomie, en strukturele koppeling vind dan wel plaas. 'n Krisisplasing sou as ongewens vir strukturele koppeling gesien word omdat herhaalde interaksies nie voor die plasing kan plaasvind nie

Maturana en Varela (1992) gaan van die standpunt uit dat lewende sisteme slegs bestaan in die bewaring en behoud van suksesvolle aanpassing.

> *"We speak of structural coupling whenever there is a history of recurrent interactions leading to the structural congruence between two (or more) systems" (Maturana en Varela 1992: 75).*

Tussen die maatskaplike werker/navorser, die pleegouers Jan en Elsie en Ansie het daar so 'n geskiedenis ontwikkel van voortdurende interaksie na die plasing en strukturele koppeling het plaasgevind tussen die pleegouers en die maatskaplike werker/navorser terwyl daar reeds tussen die maatskaplike werker/navorser en Ansie strukturele koppeling bestaan het. Daar het egter nie strukturele koppeling plaasgevind tussen die pleegouers en Ansie nie.

Kommer het bestaan oor die strukturele koppeling wat nie tussen Ansie en die pleegouers plaasgevind het nie, daar is deur die maatskaplike werker/navorser besluit om die sisteme meer tyd te gee waartydens perturbasies kon plaasvind.

Hierdie strukturele koppeling tussen die pleegouers en die maatskaplike werker was ook nie van die begin van die plasing af waarneembaar nie en daar het eers verskeie perturbasies plaasgevind. Pogings is aangewend om outonomie te behou deur die pleegouers, Ansie en die maatskaplike werker/navorser, soos sal blyk uit die verdere bespreking van die gevallestudie.

Die individuele lede kon geleidelik begin om individuele behoeftes ondergeskik te stel aan die hoër orde van die sisteem ten einde die sisteem in stand te hou. Voorbeelde van hoe die individuele lede hulle behoeftes ondergeskik gestel het, ten einde 'n wedersydse bevredigende konsensuele domein tussen die pleegouers en die maatskaplike werker/navorser te vorm is die volgende:

DIE MAATSKAPLIKE WERKER/NAVORSER se outonomie het hulpverlening aan Ansie ingesluit. Deur die gedrag van die maatskaplike werker/navorser is die struktuur van die pleeggesin juis bedreig en ten einde die egpaar se siening van hulself as pleeggesin in stand te hou, het die pleegouers al hoe harder gewerk om hulle outonomie te bewaar en die hulp van die maatskaplike

werker/navorser aan Ansie oorbodig te maak. Die maatskaplike werker/navorser het geleidelik meer verantwoordelikhede ten opsigte van Ansie se versorging aan die pleegouers oorgelaat. Hulp wat deur Ansie van die maatskaplike werker/navorser gevra is, is na die pleegouers gekanaliseer.

DIE PLEEGOUERS se outonomie het die behoud van die egpaar as sisteem en harde werk ingesluit.

ANSIE se outonomie het na vore gekom deur net vir Elsie te luister en haar skoolwerk te doen as Jan teenwoordig is en die maatskaplike werker/navorser se hulp te vra om kontak te maak met die vorige pleegmoeder.

Die besef het by die maatskaplike werker/navorser posgevat dat die mens, ekosistemies gesien, 'n struktuurgedetermineerde outonome sisteem is wat in taal betekenis konstrueer ten opsigte van dit wat hy waarneem en dat hierdie konstruksie die geldige werklikheid is vir die betrokke mens (Fourie in Van der Westhuizen, 1994: 18:6). 'n Tema kon waargeneem word deurdat Ansie in die maatskaplike werker se teenwoordigheid hulpelose gedrag openbaar wat by haar outonomie gepas het. Die tema van die maatskaplike werker wat hulp aan Ansie gee, was deel van die maatskaplike werker se outonomie en het Ansie se gedrag van hulpeloosheid in stand gehou. So is daar 'n tema van hulp versoek en hulp verleen tussen die maatskaplike werker/navorser en Ansie in stand gehou.

Jan het hard gewerk om Ansie te help met haar skoolwerk terwyl Elsie hard gewerk het om Ansie te leer om nie leuens te vertel nie, te help in die huis en haar algemene higiëne te verbeter.

Maturana (in De Lange, 1990: 112) sien taal as 'n fundamentele aspek van die mens se waarneming en denke. Volgens hom word taal weerspieël in die proses van strukturele koppeling.

Dit blyk dat taal volgens Maturana (1978 soos aangehaal in De Lange 1990:112) gesien, ontstaan en bevestig word in 'n konsensuele domein (die produk van 'n proses van strukturele koppeling wat plaasgevind het tussen twee of meer lewende sisteme) en geen ander inligting bevat as inligting oor 'n

waarnemer se struktuurgedetermineerde aard nie. Le Roux (1987: 177) huldig die volgende mening oor taal:

> *"Through their mutual languages, both the family system and the therapeutic system, conserve their belief systems through the creation of a language of each other's language."*

Groter vrymoedigheid het by Jan, Elsie, Ansie en die maatskaplike werker/navorser voorgekom om probleme volgens die pleeggesin en die maatskaplike werker se konstruksie, rondom die aanpassing van Ansie en die egpaar by die pleegsorgplasing, met mekaar te bespreek. Die pleegouers kon met die maatskaplike werker/navorser hulle moedeloosheid oor Ansie se leuens deel. Ansie se leuentaal is deur die maatskaplike werker gekonstrueer as die 'vriend' wat Ansie dikwels help wanneer sy in die moeilikheid verkeer en haar dan beskerm teen die gevolge van dit waaroor sy jok. Hierdeur is Ansie se outonomie van hulp wat aan haar verleen word, weereens bevestig.

Sirkulêre taal fokus volgens Le Roux (1987: 174) op patrone en verskille eerder as oorsake en gevolge. Deur op die leuens as patroon te fokus kon Elsie meer begrip vir Ansie se gedrag kry aangesien Elsie voor die openlike gesprek plaasgevind het, nie bewus was van die patroon van leuens wat by Ansie voorgekom het nie. Die leuentaal was vir Elsie 'n oorsaak vir die wantroue in die verhouding tussen haarself en Ansie.

'n Verdere voorbeeld van die wantroue in die moederfiguur volgens Ansie se outonomie, was die gedrag wat Ansie geopenbaar het om nie na Elsie te luister tensy Jan ook tuis en teenwoordig was nie. Elsie het die gedrag van Ansie baie negatief en as verwerpend beleef. Die gedrag het sedert die begin van die plasing voorgekom, maar kon eers bespreek word nadat strukturele koppeling en die vestiging van 'n gemeenskaplike taal tussen die pleegouers en die maatskaplike werker/navorser plaasgevind het. Die maatskaplike werker/navorser kon na vele afsonderlike en gesamentlike gesprekke met die lede van die pleeggesin, Ansie se konstruksie van die moederfiguur wat verwerpend optree aan Elsie verduidelik as 'n moontlike deel van Ansie se

outonomie. Jan se konstruksie in die voorbeeld was om as vader op te tree soos hy in sy ouerhuis geleer het, naamlik om hard te werk.

Matthysen (1994: 22) is van mening dat om outonoom te wees, daar konservering plaasvind. Elke lewende sisteem wil dus dit bewaar wat noodsaaklik is vir sy outonomie en oorlewing. Le Roux (1987:223) verwys as volg daarna:

> *"Human systems conserve themselves*
> *through their activities and belief systems".*

As voorbeeld hiervan kan Ansie se ongehoorsaamheid aan, en leuens teenoor Elsie gesien word as 'n poging wat Ansie aanwend om 'n intieme verhouding met 'n moederfiguur te vermy. Dit het geblyk dat Ansie glo dat dit in die moeder-kind-verhouding is waar sy die meeste verwerping beleef het. Hierdie 'belief system' van haar het haar gedrag so gerig dat sy haar outonomie kon behou en haarself kon konserveer. Die verhouding tussen Elsie en Ansie wat gekenmerk was deur leuens, wantroue en konflik kan dien as 'n voorbeeld van hoe die gedrag van Ansie deur haar 'belief system' gerig is ten einde outonomiehandhawing te verseker.

Navorsers soos Keeney (1983: 98) en Von Glasersfeld, in Watzlawick (1984:33-35), verwys na begrippe soos selfbesluitneming, eie identiteit, geheelheid, selfverwysende identiteite en verantwoordelikheid om outonomie te beskryf.

Die maatskaplike werker/navorser het vanuit 'n ekosistemiese epistemologie respek ontwikkel vir die outonomie van mense om hulle eie kreatiwiteit en hulpmiddels te gebruik om saam met die maatskaplike werker/ navorser met oplossings vir probleme na vore te kom. Die pleeggesin het die outonomiteit en kreatiwiteit gebruik vir die hantering van probleme binne die gesin soos vervolgens bespreek word.

Ansie het haar verantwoordelikhede om die kombuis op te ruim en huiswerk te doen ontduik deur leuens te vertel. Die gedrag het gepas by Ansie se outonomie om in die aand hulp te ontvang met haar take. Van die leuens wat sy vertel het, was dat sy die middag saam met die res van die klas ná skool

moes bly omdat die hele klas ongehoorsaam was of dat sy siek gevoel het en aan die slaap geraak het toe sy ná skool op haar bed gaan lê het.

Behalwe vir die hulp wat sy gekry het met die uitvoering van haar take was die verhouding tussen Ansie en Elsie wat gekenmerk was deur konflik en wantroue ook vir Ansie 'n verdere wyse om haar outonomie te handhaaf (soos reeds genoem).

Jan was aktief betrokke by Ansie se akademiese vordering en het oueraande bygewoon en gereeld kontak gehad met die personeel van die skool waar Ansie 'n leerling was. Die gedrag het gepas by Jan se outonomie van harde werk. Elsie, wat goed naaldwerk kon doen, het begin om vir Ansie klere te maak. Hierdeur het Elsie haar outonomie om hard te werk, beskerm. Die pleegouersisteem het op 'n outonome wyse hulleself gekonserveer deur die harde werk.

Ansie het volgens die siening dat 'n sisteem onder alle omstandighede sy/haar outonomie wil behou en sy eie voortbestaan wil verseker, opgetree. Sy het steeds van leuentaal gebruik gemaak, veral teenoor Elsie.

Outonomiehandhawing kon plaasvind by die maatskaplike werker/ navorser deur weer toe te tree en aan Ansie hulp te verleen met die maak van 'n lewensboek. Daar is gepoog om deur die aktiwiteit aan Ansie al die betrokkenes se bydraes in die verloop van haar lewe te toon. Die temas van verwerping deur die moederfiguur en die gebruik van leuens is ingewerk. Die maatskaplike werker/navorser het gepoog om Ansie te help om medeverantwoordelikheid van alle betrokkenes, soos haar biologiese gesin, die vorige pleeggesinne, die welsynsisteem, asook haar eie aandeel in haar lewe te sien.

Hierdeur het die maatskaplike werker/navorser haar outonomie behou deur weereens intensief by Ansie betrokke te raak en hulp aan haar te bied.

**Die disintegrasie van die pleegplasing**

Die maatskaplike werker het vanuit 'n ekosistemiese epistemologie beskryf hoe die perturbasies die outonomie van die sisteme bedreig en die sisteme konserverend opgetree het.

Soos gemeld vind daar konservering plaas ten einde outonomie te handhaaf. Elke lewende sisteem wil dus konserveer of bewaar wat noodsaaklik is vir outonomie en oorlewing. So vind daar ook konservering van die self plaas.

Vervolgens sal aan die hand van voorbeelde aangetoon word hoe die sisteme pleegouers, pleegkind en maatskaplike werker/navorser konserverend opgetree het.

Gedurende die verloop van die pleegplasing is verskeie pogings deur die lede van die sisteme aangewend om struktureel te koppel. Daar kon nie suksesvolle koppeling tussen Ansie en die pleegouers plaasvind sonder verlies van organisasie by beide sisteme nie. Hierdie verlies van organisasie kon beteken dat die pleegouers se huwelik disintegreer, vir Ansie kon dit beteken dat sy weer 'n moederfiguur vertrou en weer in die steek gelaat word en dat sy sonder intensiewe hulpverlening van die pleegouers en die maatskaplike werker moes funksioneer. Verlies van organisasie sou vir die maatskaplike werker/navorser daarop neerkom dat haar hulp nie benodig word nie en dienste aan Ansie gestaak moes word.

By die pleegouers as egpaarsisteem het outonomiehandhawing veral neergekom op die instandhouding van die huweliksverhouding. Vir Elsie is outonomiehandhawing 'n huweliksverhouding sonder enige derde persoon in die huis. In Elsie se woorde: "Dit was nog altyd net ons twee en so sal ons saam oud word. My man wil so graag 'n minderbevoorregte kind help, maar het nou self gesien dat dit nie werk nie, ten spyte van alles wat ons gedoen en opgeoffer het. Dit is duidelik dat die kind daagliks gespesialiseerde hulp nodig het en dit kan ons tog nie bied nie."

Jan se outonomie was om hard te werk. Dit het geblyk dat die harde werk aan die huweliksverhouding vir hom belangriker was as die hulp aan 'n kind en dat hy bereid was om persoonlike behoeftes ondergeskik te stel aan die

instandhouding van die egpaar as organisasie. Om wel die outonomie van hulp aan 'n kind te konserveer, het Jan begin deur dienste in rekenaaronderrig vir minderbevoorregte kinders by 'n skool aan te bied.

Jan en Elsie kon hulle outonomie as mense en egpaar bewaar. Om as ouers of pleegouers op te tree sou beteken dat 'n nuwe identiteit gevorm moes word. Dit het geblyk dat dit nie moontlik was vir Jan en Elsie sonder die verlies van hul bestaande outonomie nie.

In sommige gevalle is dit wel moontlik vir lede van 'n gesin om hulle outonomie ondergeskik te stel aan 'n gesinsidentiteit, soos byvoorbeeld 'n vrou wat ma en eggenote kan wees en die man wat pa en eggenote kan wees. 'n Nuwe identiteit kan gevorm word. Wat hier van belang is, is dat die lede dit nie moet beleef dat hulle identiteit verlore gaan nie.

Ansie het haar outonomie gehandhaaf deur hulp te benodig en te versoek en gaan so voort in die kinderhuis. Hierdie hulp behels onder meer hulp met haar skoolwerk, buite normale skoolure.

Die outonomie van die lede van die sisteme moet erken en gerespekteer word terwyl die maatskaplike werker volgens die beginsel van tweede orde kubernetika ook bewus sal wees van wat dit is wat sy/hy wil bewaar en die rol wat dit speel in dienslewering by die pleeggesin.

Die pleegplasing in die gevallestudie is getermineer en Ansie moes na 'n kinderhuis oorgeplaas word.

Die maatskaplike werker/navorser het tot die besef gekom dat volgens die veranderde manier van dink oor en kyk na gebeure deur die maatskaplike werker/navorser, 'suksesvolle pleegsorg' nie net behels dat die kind in die pleegsorgsituasie aanbly nie, maar dat outonomiehandhawing plaasvind en die betrokkenes bevestigend teenoor mekaar kan optree.

Verskeie gesprekke is ná die oorplasing tussen die werker/navorser en die pleegouers, en die maatskaplike werker/navorser en Ansie gevoer. Daar is gekyk na die proses wat plaasgevind het en die lede van die sisteem het elk

volgens sy konstruksie betekenis geheg aan die gebeure en die rol wat hy/sy daarin gespeel het. Dit was vir Jan moeilik om te begryp dat Ansie na al die hulp wat sy ontvang het om haar skoolwerk op standaard te kry, nie verder verantwoordelikheid kon neem vir haar skoolwerk nie.

Die spanning in die gesin het vir die pleegouers onaanvaarbaar geword. Elsie het bevestig dat dit goed is dat sy en Jan maar alleen saam sal oud word, omdat Jan sommige middae laat by die skool besig is, het dit beteken dat sy baie harder by die huis sonder hulp moet skoonmaak en sorg vir aandete. Elsie se outonomie van haar en Jan alleen in 'n verhouding en harde werk is gekonserveer. Jan het die werk by die skool se rekenaarsentrum baie geniet, al moes hy nou harder werk om op kantoor sy werk afgehandel te kry sodat hy sekere middae van die week beskikbaar kon wees vir minderbevoorregte kinders. Jan se outonomie van harde werk en hulp aan kinders in nood is gekonserveer.

Die verhouding tussen die maatskaplike werker/navorser en Ansie het ook voortbestaan. Gesprekke met Ansie het ingesluit die bespreking van die pad wat sy geloop het sedert haar biologiese vader se afsterwe en die verskillende versorgingsposisies waarin sy verkeer het. By Ansie het, net soos in die geval van die pleegouers en die maatskaplike werker/navorser konservering van outonomie plaasgevind deurdat sy volgens haar konstruksie beter daaraan toe is in die kinderhuis. 'n Vrywilliger kom haar in die middae help met haar skoolwerk en die maatskaplike werker kom ook elke dag daarheen. Ansie het gemeld dat die middae ná skool vir haar baie alleen was in die pleeghuis en dat die pleegvader die afgelope ruk van haar verwag het om alleen te sukkel met haar skoolwerk.

Die maatskaplike werker/navorser se outonomie van sorg en hulpverlener is gekonserveer deur in die pleegsorgpos aan te bly. Outonomiehandhawing het by die pleegouers, Ansie en die maatskaplike werker/ navorser plaasgevind en die partye is in die verhouding bevestig.

Die kompleksiteit van die verlies kan nie in die studie verder uitgebrei word nie. Daar kan slegs volstaan word met 'n erkenning van die pyn en verliese wat die lede van die sisteem gelei het.

Vervolgens sal na die beginsel van tweede orde kubernetika, met voorbeelde van die beginsel uit die gevallestudie, verwys word.

### 3.2.5 Tweede orde kubernetika

Die ontwikkeling van kubernetika na tweede orde kubernetika deur Von Foerster het die skuif weg van 'n kubernetika van waarnemingssisteme na die kubernetika van waarnemende sisteme gelê (Keeney 1983b; Maturana, 1984 in Le Roux 1987: 41).

Volgens Keeney (in Keeney & Ross, 1983: 381) beklemtoon tweede orde kubernetika of kubernetika van kubernetika, soos daar soms na die begrip verwys word, dat die waarnemer altyd deel is van die sisteem wat waargeneem word. Die implikasie hiervan is dat waarnemings selfverwysings insluit en enige beskrywing sê soveel of meer van die waarnemer as wat die beskrywing sê van die waargenome.

Verskeie outeurs soos Varela, Bateson, Dell, Keeney, Maturana en Von Foerster (in Le Roux 1987: 43) is van mening dat tweede orde kubernetika die weg baan vir die metabegrip van menslike sisteme en die erkenning dat die faktor wat menslike sisteme in gemeen het, die vermoë is om 'n realiteit te skep.

Hierdie siening van die menslike sisteem plaas 'n verantwoordelikheid op die waarnemer. Die insluiting van die waarnemer in die waargenome sisteem, sal die eienskappe van waarnemer en hoe die waargenome die waarnemer perturbeer ook aan die lig bring. Daar kan nie geblameer word nie, omdat al die betrokkenes medeverantwoordelik is vir wat gebeur. Die proses van beskrywing is daarom selfbeskrywend en die waarnemer neem eie verantwoordelikheid ook vir wat hy/sy waarneem en die invloed daarvan op hom/haar.

Lifschitz (1986: 82) beskryf kubernetiese epistomologie ook verder as 'n wyse om die patrone wat gebeure orden te onderskei. Die selfverwysende aard en daarom die sirkulariteit van menslike sisteme, konfronteer die waarnemer met die vraag of hy/sy kan bestaan in 'n wêreld waar niemand op 'n beter begrip kan aanspraak maak nie. Maturana wys daarop dat dit nie moontlik vir enige

persoon is om sy eie domein van aktiwiteit, interaksie of persepsies te verlaat nie. So 'n epistemologie impliseer dat objektiwiteit nie kan bestaan nie, "only objectivity in parentheses" (Maturana, in Efran & Lukens, 1985: 30).

In die lewering van pleegsorgdienste kan die metabegrip vir die pleegsorgsisteem en die erkenning van die menslike vermoë om realiteit te skep, verreikende implikasies vir die diens inhou.

Die welsynsisteem sal nie volgens dié beginsel kan toetree tot die pleegsorgsisteem sonder om eie konstruksies van 'n gesamentlike werklikheid, en daarmee saam die rol van die maatskaplike werker, te erken nie.

Objektiwiteit word vervang deur deelnemende waarnemers wat saam konteks skep en soos hierbo beskryf, deur middel van taal slegs eie waarnemings en konstruksies verbaliseer.

Die maatskaplike werker/navorser tree nie as die kenner tot 'n verhouding toe nie. Al die betrokkenes is medeverantwoordelik vir die proses en patrone wat voorkom.

Vervolgens sal gekyk word na die lewering van pleegsorgdienste volgens dié beginsel van tweede orde kubernetika.

### 3.2.6 Pleegsorgdienste volgens die beginsel van tweede orde kubernetika

Die maatskaplike werker/navorser het aanvanklik volgens die beginsel van die Newtoniaanse denkwyse gedink en pleegsorgdienste gelewer. Met die paradigmaskuif wat plaasgevind het by die maatskaplike werker/navorser het daar by haar toenemende ongemak ontstaan om volgens die beginsels van analitiese reduksionisme, liniêre oorsaaklikheid en neutrale objektiwiteit van die maatskaplike werker dienste te lewer.

In die beginfase van die pleegplasing het Jan die maatskaplike werker byvoorbeeld daarvan beskuldig dat objektiwiteit nie gehandhaaf is in die hantering van die saak nie. Hierdie opmerking het die maatskaplike werker/navorser toenemend laat streef na objektiwiteit. Nadat die

epistemologiese skuif by die maatskaplike werker/navorser plaasgevind het, is tot die besef gekom dat die 'waargenome' pleegouer se gedrag en opmerking die 'waarnemer' maatskaplike werker/navorser se gedrag beïnvloed. Daar kan juis nie op objektiewe waarneming of die objektiewe lewering van pleegsorgdienste aanspraak gemaak word nie.

As voorbeeld van hoe Pleegsorgdienste volgens die beginsel van tweede orde kubernetika gelewer is, die volgende:

- Die maatskaplike werker/navorser het volgens die epistemologie geleer om die patrone wat gebeure orden te onderskei. Versoeke vir en die lewering van hulp was van die komplimentêre patrone wat waargeneem is. Ansie wat hulp benodig op verskeie gebiede en die maatskaplike werker/navorser wat hulp wil bied vorm 'n patroon deur die verloop van al die plasings van Ansie.

- Verantwoordelikheid moes geneem word vir die eie konstruksies van die maatskaplike werker/navorser. Omdat die maatskaplike werker/navorser 'n deelnemende waarnemer word wat konteks skep, is sy medeverantwoordelik vir die proses. Blamering van byvoorbeeld die pleegouers vir Ansie se ongelukkigheid of die mislukking van die pleegplasing kan nie volgens die konstruksies gedoen word nie. Net so kan Ansie nie verkwalik word vir voortdurende versoeke om hulp sonder om na die hulpverlener/s se rol in die komplimentêre patroon te kyk nie. Die rol van Ansie in haar eie ongelukkigheid in die pleeghuis en terminering van die pleegplasing, moet saam met die rol wat die maatskaplike werker/navorser gespeel het, erken word.

- Die vraag wat by die maatskaplike werker/navorser ontstaan, is of hulpverlening aan Ansie spesifiek, deel vorm van die maatskaplike werker/navorser se outonomie en of daar wel in geslaag sal kan word om Ansie te laat gaan sonder sodanige hulp. Sou dit vir Ansie moontlik wees om selfstandig te funksioneer sonder verlies van organisasie? Dan ontstaan die vraag of dit vir die maatskaplike werker/navorser moontlik sou wees. Die outonomie van die hulpverlener en sy/haar strewe na die bewaring van die outonomie beteken dat hulp verleen moet word. Daar

bestaan 'n komplimentêre sirkulariteit tussen hulp benodig en hulp verleen. Die hulpbehoewende kan volgens dié beginsel nie verkwalik word vir afhanklikheid van hulp sonder om te kyk na en erkenning te gee vir die rol wat die hulpverlener speel nie.

Volgens die beginsel van tweede orde kubernetika kan pleegsorg en die lewering van pleegsorgdienste net soveel nodig wees om die outonomie van die maatskaplike werker te handhaaf as wat dit nodig is vir die pleegkind en pleeggesin se outonomiehandhawing.

# HOOFSTUK 4:
# PLEEGSORGDIENSTE AS OUTONOMIE HANDHAWING

Die doel van die studie was om volgens die maatskaplike werker/navorser se konstruksie aan te dui hoe 'n epistemologiese skuif by die maatskaplike werker/navorser die denke oor en die lewering van pleegsorgdienste beïnvloed.

Daar word nie met die studie gepoog om aan te toon dat die ekosistemiese benaderingswyse superieur is bo die Newtoniaanse benaderingswyse in die lewering van pleegsorgdienste nie. Die ontwikkelingspad wat die maatskaplike werker/navorser se denke en lewering van dienste gevolg het, word slegs aangedui volgens die navorser se konstruksie en met behoud van die outonomie van die lede van die pleegsisteem en die maatskaplike werker/navorser.

In pleegsorg is daar 'n dilemma deurdat die proses rondom pleegsorg van die lede van die sisteem, wat die pleeggesin, pleegkind en welsynsisteem insluit, vereis om strukturele koppeling deur herhalende interaksie te vorm. Met die vereiste is terselfdertyd die versoek aan die pleegsisteem om bereid te wees om weer te disintegreer as sisteem. Die gesinne en die res van die pleegsorg sisteem, sal oor 'n mate van plastisiteit moet beskik ten einde te kan disintegreer as 'n besondere pleeggesin sonder dat verlies van outonomie plaasvind. Sodanige disintegrasie vind plaas sodra die pleegkind uit die pleegsisteem verwyder word en, of in ouerlike sorg herstel word, of in 'n alternatiewe versorgingposisie geplaas word. Hierdie strukturele koppeling sluit ook die welsynsisteem en spesifiek die maatskaplike werker in wat pleegsorgdienste lewer. Met die verwydering van 'n kind uit 'n pleegsorgsituasie word die dienste aan die pleeggesin gewoonlik ook gestaak. Dit beteken dat ook die koppeling tussen die maatskaplike werker en die pleeggesin as sisteem disintegreer terwyl elke sisteem sy outonomie handhaaf.

Deur volgens die ekosistemiese denkwyse te funksioneer slaag die maatskaplike werker/navorser daarin om die outonomie van die lede van die sisteem, wat die self insluit, te respekteer en in staat te stel om outonomie te behou.

Die implikasies wat die Ekosistemiese Denkwyse volgens die navorser/maatskaplike werker se konstruksie inhou, is onder meer die volgende:

Pleegsorg stel die eis dat 'n outonome sisteem (die pleeggesin) hulle outonomie sal behou en 'n strukturele koppeling sal vorm met 'n volgende outonome sisteem (die kind wat alternatiewe

sorg benodig met sy gesin van herkoms) en dan kom hierby ook die welsynsisteem waarvan die maatskaplike werker deel vorm.

- Reeds tydens oriëntering en keuring van pleegouers kan na die outonomie van die pleeggesin gekyk word. Dit wat vir die pleeggesin belangrik is om te konserveer moet deur die maatskaplike werker verstaan en gerespekteer word.

- Pogings om te konserveer (behoud van die self of die sisteem) kan negatief beleef word deur die ander sisteme of lede van die sisteme. Konservering kan as weerstand teen verandering of hulp wat aangebied word, ongehoorsaamheid by die pleegkind, onbegrip aan die kant van die gesin of die welsynsisteem gesien word.

- Strukturele koppeling kan slegs deur herhaalde interaksies plaasvind. Voorbereiding van die pleegkind, biologiese gesin van die kind en die pleeggesin is nodig sodat strukturele koppeling kan plaasvind.

- Die maatskaplike werker neem nie die rol van die 'kenner' in wat oor antwoorde en oplossings beskik vir alle vrae en probleme nie.

- Verantwoordelikheid vir die pleegsorgplasing se verloop word deur al die lede van die sisteem geneem. Dit wil sê die rol van die kind in pleegsorg, die pleeggesin, die maatskaplike werker, die organisasie en die beleid rondom pleegsorg, die biologiese ouers en uitgebreide familie van die kind in pleegsorg en die regering van die dag se beleid oor pleegsorg, die skool en enige ander instansies wat ook nog betrokke is.

- Wedersydse respek moet vir die konstruksie van al die betrokkenes getoon word.

- Verhoudings kan voortbestaan al disintegreer die pleegsisteem. Die outonomie van die lede van die sisteem is behou, soos in die geval van Jan en Elsie, Ansie en die maatskaplike werker. Die afleiding kan gemaak word dat die strukturele koppeling wat tussen die pleegouers en die maatskaplike werker en die pleegkind en die maatskaplike werker plaasgevind het, nie bedreigend vir die behoud van die verskillende sisteme en lede van die sisteme was nie. Konservering van die sisteme kon dus plaasvind al het die pleegouer-, pleegkindsisteem gedisintegreer.

## 4.1 GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GEKOM IS

Daar is tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Kennis en begrip van die ekosistemiese benadering met die fokus op die beginsels van konstruktivisme, strukturele determinasie en tweede orde kubernetika kan sinvol benut word in die lewering van pleegsorgdienste.

- Die outonomiteit en die strewe na konservering by individue en sisteme kan van waarde wees en die maatskaplike werker help in die lewering van pleegsorgdienste en sy kan persoonlike ooreising voorkom. Soos in die studie aangedui is, hoef daar nie al hoe harder gewerk word om 'n plasing te laat slaag wat die outonomiteit en konservering van die pleegsisteem bedreig nie.

- Die maatskaplike werker wat pleegsorgdienste lewer behoort daarteen te waak om nie soveel klem op die beskerming van die kind wat in pleegsorg geplaas word, te plaas dat die pyn rondom aanpassing in pleegsorg van die ander lede van die sisteem oor die hoof gesien word nie. Hierdie lede van die sisteem sal die pleeggesin en ook die gesin van herkoms van die betrokke kind insluit.

- Die epistemologie van pleegsorgwerkers en die welsynsisteem sal bepaal hoe die konstruksie van die sisteme, hulle aanpassing in pleegsorg en hulle probleme rondom die pleegplasing waargeneem en hanteer word. Dit is dus baie belangrik dat die professionele persone betrokke by die lewering van pleegsorgdienste bewus sal wees van hulle epistemologiese siening. Die siening of denke oor die mens dien as vertrekpunt vir hulpverlening. Die aannames en beskrywings wat gemaak word, is gekoppel aan die observeerder. Beplanning en lewering van pleegsorgdienste kan dan in die konteks van die maatskaplike werker se epistemologie gesien word.

Ten slotte die volgende aanhaling van Fisher (1991:49):

*"A constructivist view of self-determination assumes that every person determines his own meanings and thus his construction of events. By adopting a constructivist stance, it becomes the social worker's ethical responsibility to honor clients' constructions. At the same time, honoring his own constructions and those of his superiors is also entailed."*

## BRONNELYS


Atkinson, B.J. & Heath, A.W. (1987). Beyond objectivism and relativism: Implications for family therapy research. Journal of Strategic and Systemic Therapies, 6(1),8-17.

Anderson, H. & Goolishian, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. Family Process, 27(4), 371-393.

Auerswald, E.H. 1987. Epistemological confusion in family therapy and research. Family Process, 26(3),:317-330.

Barker, P. 1987. Basic family therapy. (2de uitgawe). Oxford: Blackwell Scientific Publications.

Bateson, G. 1972. Steps to an ecology of mind. New York: Ballantine Books.

Bateson, G. 1979. Mind and nature: A necessary unity. New York: Dutton.

Booyzen, M. 1982. 'n Evaluering van die pleegsorgplasing van kinders wat tussen die ouderdom van dertien tot agttien jaar sorgbehoewend bevind is. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Capra, F. 1983. The turning point. London: Fontana Paperbacks.

Casti, J.L. 1990. Paradigms lost. Images of man in the mirror of science. London: Scribners.

De Lange, G.J.J. 1990. Ekosistemiese navorsing as konsensusskepping - die beskrywing van 'n konseptuele model. Ongepubliseerde Doktorale verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Delia. J.G. 1977. Constructivism and the study of human communication. Quarterly Journal of Speech, 36: 66-83.

Dell, P.F. 1985. Understanding Bateson and Maturana: Toward a biological foundation for the Social Sciences. Journal of marital and family therapy. Vol. 11, No. 1, pp 1-20.

De Shazer, S. 1981. On useful metaphors. Journal of strategic and systemic therapies. Vol. 1, No. 2. pp 54-61.

De Shazer, S. 1983a. Diagnosing - Researching and Doing Therapy. In J.C. Hansen & Keeney, B.P. (Eds.), Diagnosis and assessment in family therapy pp. 123 - 132. Rockville, Maryland: Aspen Systems Publications.

De Vos, L. 1994. 'n Opvolgstudie van kinders met spesiale behoeftes wat later aangeneem is. Ongepubliseerde M.A.- verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Efran, J.S. & Lukens, M.D. 1985. The world according to Humberto Maturana. The Family Therapy Networker, 9(3), 23-28.

Efran, J.S., Lukens, R.J. & Lukens, M.D. 1988. Constructivism: What's in it for you? The Family Therapy Networker. Sep/Oct, 27-35.

Fisher, D.D.V. 1991. An introduction to constructivism for social workers. New York: Praeger.

Fourie, D.P. 1994. Ekosistemiese mensbeeld, in Gesinsterapie, geredigeer deur C.H.J. van der Westhuizen. Pretoria.

Gergen, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. American Psychologist, 40 (3), pp. 266-275.
Gurman, A.S.. 1983c. Psychotherapy research and the practice of psychotherapy. Presidential address, Society for Psychotherapy Research. Sheffield, England.
Gurman, A.S. 1984. Commentary: Analogix research and the family therapist. Family Process, 23, pp. 341-345.
Hoffman, L. 1985. Beyond power and control: Towards a "second order" family systems therapy. Family Systems Medicine, 3(4), 381-396.
Hoffman, L. 1990. Constructing realities: An art of lenses. Family Process, 29(1), pp. 1-12.
Hooker, M. (ed). 1978. Descartes. London: Hopkins.
Keeney B.P. & Sprenkle, D.H. 1982. Ecosystemic Epistemology: Critical implications for the Aesthetics and Pragmatics of Family Therapy. Family Process, 21(1).
Keeney, B.P. 1983. Aesthetics of change. New York: Brunner/Mazel.
Keeney, B.P. 1983d. Ecological Assessment. In J.C. Hansen & B.P. Keeney (Eds.), Diagnoses and assessment in family therapy pp. 156 - 170. Rockville, Maryland: Aspen Systems Publications.
Keeney, B.P. & Ross, J.M. 1985. Mind in therapy: Constructing systemic family therapies. New York: Basic Books.
Kimball, K.E. & Healey J.C. (1982). An application of general systems theory to family theory and clinical practice. International Journal of Family Psychiatry, 3(2), 163-173.
Le Roux, P. 1978. Autonomy and competence in families with a child at risk: An ecosystemic approach. Ongepubliseerde Doktorale verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
Leyland, L. 1985. An introduction to some of the ideas of Humberto Maturana. Journal of family therapy. Vol. 10, pp 357-382.
Lifschitz, S. 1986. Hypnosis revisited - An ecosystemic approach. Ongepubliseerde Doktorale verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
Losee, J. 1972. A historical introduction to the philosophy of science. London: Oxford University Press.
Maturana, H.R. 1975. The organization of the living: A theory of the living organization. International Journal of Man-Machine Studies, 7, 313-332.
Maturana, H.R. 1978. Biology of language: The epistemology of reality. In G.R. Miller & E. Lenneberg (Eds.), Psychology and the biology of language and thought, pp 27-63. New York: Academic Press.
Maturana, H.R. 1980. Autopoiesis: Reproduction, heredity and evolution. In M. Zeleny (Ed.), Autopoiesis, autopoitic structures and spontaneous social orders, pp. 45-77. Colorado: Westview Press.
Maturana, H.R. & Varela, F.J. 1992. The tree of knowledge. The biological roots of human understanding. Boston: Shambala. Revised Ed.

Mauer, K.F. & Retief, A.I. 1985. Metodologiese probleme in die sielkunde. Suid-Afrikaanse tydskrif vir Wysbegeerte, 9(1),19-24.

Merchant, C. 1980. The death of nature. San Francisco: Harper & Row.

Minuchin, S. 1974. Families and family therapy. Cambridge, M A: Harvard University Press.

Minuchin, S. Rosman, B.L., & Baker, L 1978. Psychosomatic families: Anorexia nervosa in context. Cambridge, M A: Harvard University Press.

Minuchin, S.; Baker, L.; Rosman, B.; Liebman, R.; Milman, L. & Todd, T. 1975. A conceptual model of psychosomatic illness in children. Archives of General Psychiatry, 32, 1031 - 1038.

Neimeyer, R.A. 1993. A Appraisal of Constructivist Psychotherapies. Journal of Consulting and Clinical Psychology, Vol 61. No. 2, 221-234.

Randall, J.H. 1976. The making of the modern mind (5de uitgawe). New York: Columbia University Press.

Ruben, A. & Babbie, E. 1989. Research methods for social work. California: Brooks/Cole.

Ruesch, J. & Bateson, G. 1986. Communication: The Social Matrix of Psychiatry. New York: W.W. Norton.

Russel, B. 1983. My present view of the world. In S.E. Stumpf(d). Philosophy, history and problems, pp. 347-360. New York: McGraw-Hill.

Rychlak, J.F. 1977. A philosophy of science for personality theory. Boston: Houghton Mifflin.

Schilson, E.A. 1991. Strategic therapy. In Horne, A.M. & Passmore, J.L. Family counselling and therapy (2de uitgawe). Itasca, Illinois: F E Peacock, Inc.

Schwartzman, J. 1984. Family theory and the scientific method. Family Process, 23, 223-236.

Selvini P.M, Boscolo L., Cecchin C. & Prata G. 1980. Hypothesizing - Circularity - Neutrality: Three Guidelines for the Conductor of the Session. Family process. Vol. 19(1), pp. 3-12.

Tomm K. 1983. The old hat doesn't fit. The Family Therapy Networker, 7, 39-41.

Van Melsen, A.G. 1952. From atoms to atom (vertaal deur H.J. Koren). Pittsburgh: Duquesne University Press.

Van der Westhuizen, C.H.J. 1994. Gesinsterapie. Universiteit van Pretoria.

Wassenaar, D.R. 1985. Researching family therapy. Paper presented at the Third National Psychology Conference, Pretoria.

Watzlawick, P. 1984 (ed). The Invented Reality. New York: W.W. Norton & Co.

Wet op Kindersorg, 74 van '83 (soos gewysig) tesame met regulasies. Pretoria: Staatsdrukker.

Whitehead, A.N. 1959. Science and the modern word. England: Cambridge University Press.

Whyte, L.C. 1961. Essay on atomism: From Democritus to 1960. Middletown: Wesleyan University Press.

Widdershoven, G.A.M. 1993. The Story of Life, in The Narrative Study of Lives. Ed. R. Josselson & A. Lieblich. United Kingdom: Sage Publications.